


Batman Returns, 36 • Chomsky: Democracy, 28 •  
Death and the Maiden, 36

# VWVWB

VryeWeekblad


N° 181

3 - 9 JULIE 1992  
R2,20 (BTW INGESLUK)



# staak die waansin


DIE ANC EN DIE REGERING:  
IN DIE KETTINGS VAN MEKAAR  
SE NAGMERRIES



EDWARD KIENHOLZ.  
The State Infirmary, 1966.  
MODERNE KUNSMUSEUM, STOCKHOLM.



# INHOUD N<sup>o</sup> 181



**5 STAAK DIÉ WAANSIN,**  
PLEIT MAX DU PREEZ EN VRA DAT DIE  
VERSKILLEDE KANTE IN DIE HUIDIGE  
KONFLIK TOT HULLE SINNE MOET KOM


**10 DIE MENSE KOU HARDE BENE IN DIE KAROO: DIE GEHALTE VAN  
LEWE IN DIÉ STREEK GAAN NET AGTERUIT EN INGRYPENDE STAPPE IS  
NODIG OM DIE LOT VAN DIE MENSE TE VERBETER. SO NIE, SAL DIE  
KAROO TOT 'N "MENSLIKE RAMPGEBIED" VERKLAAR MOET WORD.  
CHRISTELLE TERREBLANCHE DOEN VERSLAG**



**18 IN HAAR WEDERVARINGE OP DIE LANG PAD HET  
PEARLIE JOUBERT IN GROOT BEN DEKKER VASGELOOP.**

## **30 - 33 GRAHAMSTOWN FESTIVAL SPECIAL.**

REZA DE WET'S MIRAKEL, WILLIAM  
KENTRIDGE'S WOYZECK ON THE  
HIGHVELD, WOLE SOYINKA'S DEATH  
AND THE KING'S HORSEMAN...



**KATHY BERMAN INTERVIEWS  
ANDREW BUCKLAND AND LI  
NEWMAN. ANDREA VINASSA ON  
BATMAN RETURNS. CHARL  
BLIGNAUT ON DEATH AND THE  
MAIDEN**

### AKTUEEL

- 6 NEW FACTS ABOUT BOIPATONG CONTRADICTING THE SAP
- 7 JAY NAIDOO TALKS TO IVOR POWELL
- 8 SKOKKENDE VERSLAG OOR MENSESLAGTINGS IN SUID-  
AFRIKA

### INTERNASIONAAL

- 22 THE VIEW ON SOUTH AFRICA FROM TAIPEI
- 23 DIE WETENSKAP IS GESKUD DEUR DIE JONGSTE  
AARDBEWINGS

### MENSE

- 17 ROELF MEYER IS DIE MAN IN DIE MIDDEL

### BOEKE

- 28 MARK BEARE ON NOAM CHOMSKY'S  
DETERRING DEMOCRACY
- 29 DIE KUBAANSE DIGTER NANCY MOREJÓN GESELS MET  
RICHARD BARTLETT

### OMGEWING

KOALISIE VEG VIR DUIN SE VOORTBESTAAN

### ESSAY

- 25 DIE OLIMPIESE SPELE IS DIE CRACK VAN DIE MASSAS,  
SÊ JOHANNES BRUWER

### RUBRIEKE & MENINGS

- 4 BRIEWE VAN ONS LESERS
- 9 BROLLOKS & BITTERGAL EN OOR OP DIE GROND
- 13 JURIE DE WET ON PEOPLE AND THE LAW
- 16 TIENIE DU PLESSIS SE GROENPRAATJIES
- 24 SPORT- EN GESELSRUBRIEK
- 26 NETTIE PIKEUR EN PLANT 'N BOOM
- 27 CHRISTI SPEEL POP MET DIE SWARTOOGMAN
- 34 ELMARI RAUTENBACH OOR DIÉ WEEK SE TV
- 35 LEARNEDLY SAYING VENTILATOR BY IVOR POWELL

### KUNS EN VERMAAK

- 20&21 IVOR POWELL'S SHAMELESS PIECE OF PR
- 30-33 GRAHAMSTOWN SPECIAL
- 36 CHARL BLIGNAUT REVIEWS WHYLE'S HELLHOUND

### GIDSE

- 36 WATTER MOVIE WYS WAAR
- 40 VRYE KEUSE

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06).

WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS:

Breestraat 153, Newtown, Johannesburg.

POSADRES: Posbus 177, Newtown 2113.

TELEFOON: (011) 836-2151

FAKS: 838-5901.

KAAPSTAD-KANTOOR (021) 47 8819,

PRETORIA-KANTOOR (012) 83-4879.

REDAKTEUR: Max du Preez

ASSISTENT-REDAKTEURS: Andrea Vinassa,

Ina van der Linde, Ivor Powell

SUB-REDAKTEUR: Ryk Hattingh

KOPIEREDAKTEUR: Johannes Bruwer

KULTURELE MEDEWERKER: Kathy Berman

ONTWERP: Anton Sassenberg

KAAPSE KANTOOR: Christelle Terreblanche

VERSLAGGEWERS: Pearlle Joubert, Esmá Anderson, Lucky Khuzwayo

REDAKSIE-ASSISTENT: Christi van der Westhuizen

FOTOGRAAF: Sarah Prall

FINANSIËLE BESTUURDER: Mark Beare

BESTUURDER (BEMARKING EN ADVERTENSIES): Lillie van der Walt

ASSISTENT FINANSIËLE BESTUURDER: Louwrens Potgieter

ONTVANGS: Irene Zulu

KANTOOR-ASSISTENTE: Joseph Moetasi, Vernon Zulu

Vrye Weekblad word gedruk deur Caxton Beperk, Kommandoweg, Industria.

Vrye Weekblad kos R2,20 (BTW ingesluit). Dit kos R110 (BTW en aflowering ingesluit) om vir 'n jaar in te teken, en R60 (BTW ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die tydskrif R2,20 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenaars is by navraag by (011) 497-2911 beskikbaar. Probleme met verspreiding moet gerig word aan Louwrens Potgieter of Irene Zulu by (011) 836-2151.

# SO SÊ HULLE

"Dis nie om net te kom vir 'n pomp en jump en weg is hulle nie. Dis hoekom ek die plek só gemaak het. Hulle moet hiernatoe kom om te ontspan en van stres ontslae te raak - nie om net klaar te maak nie."

**TRUDIE VAN DER MERWE** oor die "grot van genot" wat sy en haar man, Klein Koos van der Merwe, 'n KP stadsraadslid van Boksburg, bedryf.

"When I was in primary school I used to lie in bed and think of those wars and King Shaka. I wanted to be born during the Zulu empire."

**TEMBA KHOZA**, Transvaal youth leader of the Inkatha Freedom Party, on his boyhood dreams.

"Ons het dit reeds in die vroeë jare tagtig baie duidelik gestel dat ons halsnoermoorde geheel en al verwerp. Ons doen weer eens 'n beroep op alle Suid-Afrikaners om nie deel te neem aan dié soort barbaarse optrede nie."

**CARL NIEHAUS**, woordvoerder van die ANC, in reaksie op die halsnoermoord op 'n vermeende Inkatha-ondersteuner tydens die massa-begrafnis vir die Boipatong-slagoffers.

"A rejected woman feels ashamed and could do anything to destroy you."

**DR THULANI MHKIZE**, acting principal of the Philip Kushlick school for mentally retarded children outside Soweto, on allegations of sexual harrasment by four female teachers. He claims they had enticed him but that he had turned down their overtures.

"Elke keer as ons probeer onderhandel, stuur hulle ons hel toe. Nou vat ons hulle saam met ons hel toe."

**JAY NAIDOO**, hoofsekretaris van Cosatu by die massa begrafnis van slagoffers van die slagting by Boipatong.



# VRYDAGOGGEND MET MAX DU PREEZ

## IEMAND MOET VIR FW SÊ WAT REGTIG AANGAAN

**RONALD REAGAN** was volgens alle inligting eintlik 'n ignoramus oor die meeste sake, behalwe miskien toneelspel. Maar uiteindelik was Reagan, alles in ag genome, nie die vrotste president wat Amerika ooit gehad het nie.

Hoe rym dit? Eenvoudig: hy was omring deur raadgevers wat meer geweet het as hy, en hy het meestal na hulle geluister. Geen staatshoof kan 'n kenner wees van alles wat in sy/haar land aangaan nie.

Ook ons eie staatshoof kan nie deeglike kennis en begrip hê van alles wat in ons land aangaan nie. Hy dra baie hoede: hy moet die staat Suid-Afrika teenoor die buiteland verteenwoordig, so hy moet 'n deeglike kennis hê van internasionale aangeleenthede en tendensies; hy is die leier van die regerende party, so hy moet sy eie constituency ken en met hulle rekening hou; hy het die oppergesag oor die weermag en die polisie, so hy moet bewus wees van alle veiligheidsake; en hy is die politieke hoof van die regering, so daar word van hom verwag om te weet wat gaan aan in alle politieke en ander gemeenskappe en hoe die gewone landsburger voel.

**KYK 'N MENS** na ons huidige staatshoof, staatspresident FW de Klerk, dan het hy selfs 'n groter agterstand as die meeste ander politici wat staatshoof word. Want De Klerk het as mens en as politikus in die hart van apartheid en Afrikaner-nasionalisme grootgeword met byna geen blootstelling aan die werklikhede van die res van die land se mense nie.

Sy eerste werklike ervaring buite die boesem van Afrikanerdom was toe hy president geword het. Hy het tydens sy politieke loopbaan nooit met die veiligheidsmagte gewerk nie en het nooit 'n portefeulje gehad wat hom met die werklikhede van swart Suid-Afrika in aanraking gebring het nie.

Van die aspirasies, lewensomstandighede en politieke strominge onder ons land se swart meerderheid het hy dus min kennis, behalwe dit wat hy binne regeringskringe self gehoor en miskien in die media gelees het. Daar is genoeg getuienis dat sy siening van die weerstandspolitiek tot en met sy verkiesing grootliks ooreengestem het met dié van sy voorganger en die sekurokrate en ghoeroes van die Totale Aanslag.

Maar, toe die oomblik aanbreek, het die man opgestaan. En hy het vriend en vyand verras met sy oop benadering en sy waagmoedigheid. Hy het die regte eerste stappe gedoen en 'n geruime tyd het dit gelyk of hy nie 'n voet verkeerd kon sit nie.

**MAARTOE** die tyd aanbreek dat handeling eerder as glimlagte, diplomatie en mooi woorde vereis is, het FW de Klerk begin te kort skiet.

Hy het die dinamiek van die swart politiek heeltemal verkeerd gelees; hy het geen idee gehad van wat moontlik is en wat nie. Hy het die ANC en dié se leierskap, binnewerkinge en onderstrominge heeltemal misverstaan. Hy het 'n totaal simplistiese siening van die posisie en houdings van Mangosuthu Buthelezi, Inkatha en Zoeloe-politiek binne die breër raamwerk van Suid-Afrika openbaar. Hy het gedink hy en sy party en hul burokrasie en

veiligheidsmagte kan die swart leierskorps uitoorlê en in 'n hoek verf en dan wegkom met mooi klinkende begrippe soos magsdeling, eerder as ware demokrasie. Hy het geglo 'n hervorming van apartheid eerder as 'n fundamentele transformasie van ons hele samelewing is die antwoord.

Vandag staan FW de Klerk se flaters in reusagtige neotekens teen die lug geskryf. Dit help nie hy en sy sikofante protesteer dat die ANC en die PAC nou alles opneuk nie. Hy en sy regering was die katalisators vir die gemors toe hulle Kodesa tot 'n stilstand gedwing het met totale onredelikheid.

**MISKIEN HET** De Klerk al die foute uit onkunde en onervarendheid begaan. Of liever, sy foute was waarskynlik die gevolg van die slegte raad wat hy gekry het.

Want wie is sy primêre adviseurs? Bo-aan die lys staan Niel Barnard, die PW Botha-aanstelling as hoof van die Nasionale Intelligensiediens en deesdae direkteur-generaal van Konstitusionele Ontwikkeling: 'n bewese Totale Aanslag-junkie en in sy hart nog 'n Afrikaner-nasionalis wat eintlik nog in apartheid glo.

Dan is daar die hoof van sy kantoor, wat ook die hoof van PW se kantoor (en sy grootste vertroueling) was: generaal Jannie Roux. Miskien is Roux nie juis 'n aktiewe dag-tot-dag-raadgewer nie, maar hy bepaal die kultuur van die Staatspresident se kantoor.

Daar is ook 'n paar ministers wat na aan hom staan: Dawie de Villiers, Pik Botha, Kobie Coetsee, Gerrit van Niekerk, Hemus Kriel, deesdae ook Roelf Meyer. En hulle het presies dieselfde agtergrond, beperkte ervaring en blootstelling as De Klerk self.

En dan is daar die top-generaals van die polisie en die weermag. G'n enkele een van hulle nie, beslis nie die hoof van die weermag of die kommissaris van polisie nie, het enige geesdrif vir die Nuwe Suid-Afrika nie. Inteendeel.

De Klerk raadpleeg ook so nou en dan blykbaar sekere figure in die besigheidsektor, maar alle aanduidinge is dat hulle hom bloot in sy kwaad sterk.

**EK IS NOG** bereid om toe te gee dat dit vir De Klerk te 'n groot kultuurskok sal wees om adviseurs heeltemal buite sy eie dampkring te kry. Maar hoekom luister hy nie na mense wat hul voete meer op die grond het nie - mense soos sy eie broer Wimpie, mense soos filosoof-professor Willie Esterhuysen of Willie Breytenbach? Of een van die knapste politieke breine in die land, Van Zyl Slabbert?


Ek hoor dié mense gee so nou en dan vir hom advies - maar as dit by besluitneming kom, dan volg hy sy sekurokrate, generaals en kabinetskollegas se raad.

Ons het FW de Klerk nodig. Ons het 'n sterk wit leier nodig wat vertrou by bevreesde witmense sal inboesem, maar wat ook in die swart gemeenskap 'n sekere minimum respek geniet. Op die oomblik sien ek niemand anders vir dié taak as De Klerk nie.

Maar 'as hy hom veel langer gaan laat lei deur die mense wat hom tot dusver gelei het, dan moet ons ons gereedmaak vir 'n groot chaos, bloedvergieting en anargie.

### From the Lexicon of Failed Devices

Dov Fedler '92



Dov Fedler In The Star

## HET JY GEWEET?

Letterlik miljoene mense is al deur die eeue heen in aardbewings dood. Die aardbewing wat nog die meeste lewens geëis het, het Shaanxi in China op 24 Januarie 1556 getref - 830 000 mense is dood. Een van die vroegste massiewe aardbewings wat in die geskiedenis opgeteken is, het Antiochië in Sirië op 20 Mei 526 getref - 250 000 mense is dood. Enkele ander aardbewings waarin meer as 200 000 mense dood is, was op 11 Oktober 1737 in Kalkutta, Indië (300 000 dood); 1 September 1923 in Yokohama, Japan (200 000 dood); 22 Mei 1927 in Nan-Shan, China (200 000 dood); en 28 Julie 1976 in Tangshan, China (242 000 dood).

## ANARGIE IS ORDE!

**PM de Kock van Pretoria skryf:**

Na aanleiding van 16 Junie dink ek onwillekeurig aan die woorde van Max Stirner: "Every state is a despotism, be the despot one or many." 16 Junie mag dalk die versinnebeelding van die draaipunt in Suid-Afrika se geskiedenis wees, maar wragtig, ons kan dit as dag van bevryding vier tot ons almal blou in die gesig is, maar dit sal nie dié korrupte struktuur wat bo ons gestel is uit die kussings lig nie. En ook nie verhoed dat dit net weer vervang word met 'n kabinet vol mooi, vetgevrete swart gesigte om die hele proses weer van voor af te laat begin nie.



Hier gaan dit nie vir my om swart of blank nie, dit gaan om die idee - staat. As ek so kyk na wat die afgelope tyd in die pers verskyn het, besef ek al hoe meer dat die NP-regering nou begin met 'n proses van klou aan die rokspante van mag tot hy uiteindelik net met geweld daarvan afstand sal doen, en in dié proses sal hy seker nog 'n paar onskuldige mense saamneem (of eerder 'n paar duisend).

Dis juis hierteen wat ons moet waak. Dis 'n feit dat die ANC een of ander tyd die Uniegebou gaan betree en al die strukture, soos dit tans daar uitsien, net so sal oorneem. Maar meanwhile back at the ranch, sit ons steeds met 'n staat.

Dis tyd dat die mense wakker skrik uit hul gemaklike slaap, die staat het homself reeds keer op keer bewys as die grootste euwel wat die mens tot nog toe kon bedink. Of dit nou 'n demokrasie of totalitêre regime is, dit het dieselfde effek - die verslawing van die mens tot daar niks van hom oorbly nie. Die hele opset is onlogies. Wat het geword van basiese regering, die verskaffing van net die nodige dienste aan die gemeenskap, en daarmee bedoel ek nie op nasionale vlak nie, maar bloot op plaaslike vlak?

Dit mag dalk na emosionele dagdromery klink, maar ek dink daar moet 'n algehele omwenteling in die menslike bestaan kom. Kyk wat het die afgelope eeu gebeur? Die staat as entiteit het toenemend mag begin verkry, juis as gevolg van die verdelingskonflikte wat binne elke gemeenskap afspeel. Politieke mag is die instrument wat gebruik word om rykdom te verdeel en die staat sal voortdurend daarna streef om die struktuur van mag tot eie voordeel te manipuleer.

Die wanverspreiding van rykdom is die staat se werk, maar dan moet die volgende groep wat die regeringsbootjie kaap, nie bloot voortgaan en dieselfde doen deur net in 'n ander rigting te roel nie.

Ek sien dié proses in Suid-Afrika afspeel. Swart strewes gaan nie vervul word die dag as daar 'n nuwe swart regering is nie. O nee, hulle sal verdeel en aksies loods om die people op te hef.

Maar dit sal nie gebeur nie, omdat die hele proses verkeerd is. Ons verruil dan net blanke Afrikaner bevoordeling vir swart bevoordeling. Nie dat dit die sogenaamde Afrikaner gehelp het nie, hulle is nou, juis as gevolg van dié bevoordeling, in groter kak as ooit tevore. Ons moet vergeet van die staat, en terug kom na die mense toe, laat die mense op grondvlak beheer oor mekaar uitoefen en verhoudings só reël.

Ek sal enige staat, of hy nou wit of swart is, tot in alle ewigheid verwerp. Laat die gesag terug kom na die individu toe, soos die Anargisme ons leer, dan sal dié land uit die as uit opstaan!

Soos Pierre-Joseph Proudhon gesê het: "Anargie is orde."  
(Brief verkort - Red)

## Remember Edelstein?

**IM Freeman of Cape Town writes:**

In the orgy of the commemoration of 16 June 1976 and all the accompanying breast beating, one victim - perhaps the first of that terrible day - has been omitted from the dutiful ceremonies.

He was Melville Leonard Edelstein.

His life (literally) was given to the Soweto Social Community and its people and environment.

In 1972 the SA Institute for Race Relations published his Doctoral Thesis (University of Pretoria) "What do young Africans think".

It is prefaced by Jeremiah XXIX: 4-7 "And seek the peace of the city... and pray unto the Lord for it; for in the peace

thereof shall ye have peace."

One can only hope that his hopes were not wasted.

## Anarchist's delight

**Hazel Woodward of Berario, Johannesburg writes:**

For the past few years I have always taken note of what Andrea Vinassa and Darryl Accone say about a film and have mostly based my choice on what I want to see on Andrea's comments.

But sadly, Andrea, you let me down badly with *The Favour, The Watch And The Very Big Fish*. It was hilarious. Don't go all serious on us like the *Weekly Mail*. You're usually not so unamused!

Sure the plot was thin as cellophane, it

had no finer touches whatsoever. But it was like grand opera: predictable events, sure, but those visuals! You have to admit the scene with St Francis was wonderfully over the top. And obviously Christ had to be the mad piano player. Think of the light in that little child's eyes when he could see again! That crazy juxtaposition of pathos and heresy simply must send any anarchist into paroxysms of delight. So do us another review, come on.

## Seemeeu, o seemeeu

**Tinus Horn van Mayfair skryf:**

Johannes Kerkorrel word sag. Weet hy dan nie: As 'n seemeeu eers die dag in jou lirieke nesgeskop het, kry jy hom nie weer daar uit nie. Wat is volgende? Plastic angeliere vir sy fans?

## Disloyal journalist

**Vusi Jongilanga and Jeffrey Ntloko of Johannesburg write:**

As loyal supporters of South African soccer and in particular of AmaZulu we are getting fed up with the way in which your sports correspondent has been out to disparage and cast aspersions upon the comings and goings of the local football scene here in South Africa as he did again in VWB (May 29 - June 4).

Why is he not wagging his finger at the deeprooted inequities that dwell within the bosoms of white sports such as rugby and cricket who are grinning and smugly know that they are gaining readmission into the world due to a campaign of disinformation calculated to create an illusion where the international community is thinking that all is normal because a few crumbs are being thrown towards the development of those sports in the townships?

In the New South Africa there will not be room for elitist white sports and their colonial trappings and neither will the likes of disloyal journalists like Sandham be tolerated.

## Agenda-appel te skil

**M du Tolt van Pretoria skryf:**

John Horak se verhaal het my geroer. Hopelik sal hy minder eensaam wees indien hy dit moontlik vind om na Suid-Afrika terug te kom. Daar moet ander wees, soos ek, wat voel dat hulle hom graag sou bevriend.

Eintlik skryf ek oor verlede Sondagand se *Agenda* - een van die beteres. Ek het 'n appeltjie te skil met John Hall. Waarom het hy juis daárdie oomblik gekies om die debat stil te maak? Net toe die Inkathasegspersoon met 'n pertinente en lewensbelangrike vraag gekonfronteer is. Die vraag was: Hoe is dit moontlik dat hostelbewoners in impi-formasie die amptelike polisiemag toegang tot 'n hostel kan weier?

Ons wou almal graag die antwoord hoor. Hoekom het Hall tóé Ingegryp (en die Inkatha-man uit die verleentheid red) en nie vroeër nie, toe die einste Inkatha-man allerhande kwaadwillige veralgemenings oor die ANC gemaak het?

Dit sou té vergesog wees om te dink Hall is kop in een mus met Inkatha, maar

hy het gewis nie die Vredesinisiatief se beeld bevorder nie.

## Incensed at Agenda

**F Insinger and T Herbert of Johannesburg write:**

We are incensed at *Agenda's* attempted coverage of the 1976 Soweto Uprising. They wasted the opportunity of exposing to South African viewers the human reality of this national event. *Agenda* did not even begin to scratch the surface.

Apart from the programme being badly filmed, the content failed to deal even with the day's sequence of events. It did not show the wisdom to tap into the readily available wealth of living memories and eyewitness accounts which surround us. Instead we saw clumsily-edited talking heads of blandly interviewed political experts, interspersed with arbitrary shots of Smoky Soweto and safe, nondescript SADF "action" shots in which not one person was seen to be injured.

One was left thinking that June 16 was merely an exercise in house-swapping to avoid arrest. We saw not one schoolchild.

The most confrontational statement that emerged was that "June 16th has changed the course of South African history". No details of the true horror and social magnitude of this event were offered to the average viewer whose generally biased and inadequate school history classes were quietly endeavoured to avoid it altogether.

To us this indicates that the SABC is still governed by the same old fears and prejudices. We ask the SABC and its team of journalists, compilers, writers and presenters to stop window-dressing our screens and to have the courage to confront the realities of our history; to respect the minds and experiences of its viewers who are still living these realities and to acknowledge its social responsibility to educate those of us who are not.

## Gay-taal word opgeteken

**Christa van der Merwe van Aucklandpark skryf:**

Is jy straatkat, koorknaap of matras-meneer?

As jy hierdie verwarrende vraag verstaan, moet jy vir my skryf! Ek doen navorsing vir my M-graad in Afrikaans oor Afrikaanse gay-taal en gay-literatuur.

Jy kan my help om 'n woordelys saam te stel. So min mense weet dat 'n Cilla 'n sigaret is, en dat "kamp" nie noodwendig iets met tente, rugsakke en kampvure te doen het nie! Stuur asseblief al die gay 'slang'-woorde waaraan jy kan dink aan: Christa, Posbus 375; Aucklandpark 2006.

**BRIEWE KORTER AS 300 WOORDE**

**GENIET VOORKEUR.**

Rig briewe aan:

Die Brieweredakteur VWB

Posbus 177

Newtown

2113






Die Boipatong-begraving (Foto: Sarah Prall)

'Die waarheid is dat die ANC-leiers nou soos 'n vark in modder rondrol in die lekkerte van weer revolusionêr wees en gewild wees by die militante massas. En intussen is die militantheid besig om 'n weghol-trein te word wat moeilik weer gestop gaan word.'

# staak *die waansin!*

Die Nasionale Party-regering en die African National Congress het die gevangenes van mekaar se nagmerries geword. In 'n kettingreaksie van aanval en teenaanval het die twee hoofspelers in die Suid-Afrikaanse drama nou eie prestige en magsug bo nasionale belang begin stel. Dié spiraal het nou die perke van "normale" konflik in 'n onderhandelingsproses oorskry, en die gevaar is dat blywende skade aangerig kan word. **MAX DU PREEZ** wonder wat die twee partye se werklike agenda nou is en wanneer iemand gaan sê: genoeg!

**D**IE regering van Staatspresident FW de Klerk was die laaste twee jaar sô suksesvol met sy pogings om as die redelike party gesien te word wat die morele hoë grond beset, dat hy self daarin begin glo het.



Met sy geoliede party- en staatsmasjinerie agter hom, het hy om 'n tafel teenoor die relatief onervare ANC, pas terug in die land ná dekades in ballingskap en met al die interne probleme wat 'n bevrydingsbeweging gewoonlik in die gesig staar as hy politieke party word, gaan sit en gedink hy gaan die ANC uitoorlê.

Die strategie was om dramatiese vordering in die onderhandelinge te toon, maar sonder dat daar 'n prysgawe van mag is.

Maande lank het dit goed gegaan en is die proses geolie deur die nuut-ontdekte affiniteit tussen Afrikaan en Afrikaner; deur die welwillendheid wat ou vyande dikwels aanvanklik ervaar wanneer hulle mekaar die eerste keer vreedsaam ontmoet; deur die byna naïewe begeerte om vrede en versoening teweeg te bring.

Die wit referendum het gekom en gegaan, en pleks daarvan dat die sterk ja-stem die effek had dat die regering met meer selfvertroue kon onderhandel, het dit 'n ou NP-arrogansie teruggebring.

**MAAR DIE GEWONE MENSE**, veral die miljoene in die townships, se lewens is hoegenaamd nie deur Kodesa aangeraak nie.


Die geweld het bly voortwoed en selfs toegeneem, en naderhand kon 'n mens nie meer anders nie as besef dat die regering, of magtige elemente daarvan, dit stilweg kondoneer deur nie pro-aktief daarteen op te tree nie. Heelwat getuies van aktiewe deelname in die geweld deur lede van die veiligheidsmagte het na vore gekom. En die regering se aktiewe steun vir die primêre aggressor in die geweld, Inkatha, is bewys.

Die regering se eis vir 'n minderheidsveto tydens die onderhandelinge in Kodesa se Werkgroep 2 was bloot die finale bewys dat die regering eintlik nie bereid is om die wil van die meerderheid te aanvaar nie; dat "magsdeling" nie demokrasie beteken nie; dat die regering verandering net op sy eie voorwaardes sal toelaat. Kortom: dat Kodesa meestal 'n praathuis is en die NP geensins van plan is om mag prys te gee nie.

Met ander woorde, die PAC, Azapo en die heethoofde van Cosatu en die ANC-Jeugliga was eintlik reg, en die ANC-leierskap het eier op die gesig gehad.

'n Breukspul was in dié stadium reeds onvermydelik. Die ANC moes sy constituency weer mobiliseer en konsolideer, ook omdat dit sô knus om die onderhandelingsstafel gegaan het dat daar 'n groot kloof tussen senior leierskap en ondersteuner ontstaan het. Mass action was die aangewese strategie wat dit moes bewerkstellig, want dit sou ook sommer die regering daaraan herinner dat daar nog ander





▶ wapens is om te gebruik as die regering nie buigsaam wil wees in onderhandelinge nie.

**HIER HET DINGE** verkeerd begin gaan. Pleks van besef dat hy sy hand hopeloos oorspeel het in die onderhandelinge, skakel die regering sy propagandamasjien aan en verklaar oorlog teen die ANC en mass action. Voor mass action begin, is die temperatuur al gevaarlik hoog en die wit histerie aan die opbou.

En toe gebeur 'n paar dinge vinnig agtermekaar. "Swart Dinsdag", 16 Junie, is toe vreedzaam, maar De Klerk maak die onvergeeflike flater om op dié hoogs simboliese dag midde-in die ernstige spanning tussen sy regering en die ANC op Ulundi te gaan praat en saam met Mangosuthu Buthelezi op nasionale TV te verskyn.

Dosyne Inkatha-impis van die KwaMadala-hostel in die Vaaldriehoek sak die volgende dag op Boipatong toe en vermoor minstens veertig inwoners.

Daar was al verskeie soortgelyke slagtings die laaste jaar of twee wat nie die nasie tot stilstand gedwing het nie, maar almal het geweet die tydskerekening, die omstandighede en die politieke atmosfeer het van dié slagting iets buite die gewone gemaak. De Klerk besef dit ook, en in 'n skuif wat van uiters swak oordeel getuig, besoek hy Boipatong - en word stert tussen die bene weggejaag.

Die ANC se teenreaksie was om deelname aan Kodesa op te skort en die volume en intensiteit van retoriek teen die regering tienvoudig aan te draai.

En daar het ons die samestelling van die hele gemors.

**TEEN DIÉ TYD SOU** 'n mens verwag dat die senior leiers van die regering en die ANC sou begin besef die pap word te dik aangemaak; die wonde sny te diep. Maar nee.

Die ANC gebruik toe die Boipatong-begrafnis om gemoedere selfs meer gaande te maak, en die slagkreet is: Roll on more mass action, ons gaan die regering op sy knieë dwing.

'n Groot verwagting is nou onder die swart massas aan die opbou. Aan die einde van al die mass action wag daar 'n klimaks, 'n orgasmiese oorwinning oor die bese magte van apartheid.

Die sobere werklikheid is dat die enigste pot aan die einde van die reënboog nog Kodesa-onderhandelinge is. Daar kan en gaan geen oorwinningsparade vir Umkontho we. Sizwe met kamoefleerdrag en AK 47's deur Commissionerstraat wees of 'n bestorming van die Nieuwegebou nie. Daar kan bloot 'n terugkeer na die World Trade Centre in Kemptonpark wees waar vervelige politici in pakkies klere en aktetassies om 'n tafel gaan sit.

Dit gaan mos nie die bitterheid en woede en hoë verwagtinge van die militantes tevrede stel nie?

Die waarheid is dat die ANC-leiers nou soos 'n vark in modder rondrol in die lekkerte van weer revolutionêr wees en gewild wees by die militante massas. 'n Nostalgie oor die "goeie ou dae". En intussen is die militantheid besig om 'n weghol-trein te word wat moeilik weer gestop gaan word.

Die aanvalle op De Klerk het ook te skerp geword. Die ANC behoort te weet dit is uiteindelik in die nasionale (en die ANC se) belang dat hy as wit leier 'n sekere minimum respek onder swartmense behou. Maar sy beeld onder swart Suid-Afrikaners is die laaste weke skerp geknou.

Wat is die ANC se strategie met die aanhoudende opbou in massa-histerie? Is daar hoegenaamd 'n strategie? Hoe gaan hulle die monster wat hulle nou skep, beheer?

**AAN DIE ANDERKANT** is daar die regering wat blykbaar geen vindingryke of verbeeldingryke weg uit die huidige dooiepunt sien nie.

Dit lyk nie eens of daar 'n deeglike besef is dat die regering presies dieselfde fout gemaak het wat Ian Smith destyds in sy onderhandelingsproses in Zimbabwe gemaak het nie - sy hand oorspeel en elke keer daarna swakker daaraan toe wees.

Want een ding is onteenseglik waar: die NP-regering staan vandag baie swakker by die onderhandelingsstafel en in die internasionale gemeenskap as vóór die dooiepunt in Werkgroep 2.

'n Mens wonder of die regering vandag al besef dat die geweldpleging toe eintlik nie regtig in hul belang was nie. Vir lank was die teorie dat voortslepende geweld die ANC só sou ondermyn dat groot getalle swartmense met 'n uiteindelijke demokratiese toets hulle in 'n soeke na stabiliteit na die NP sou wend. Dit was duidelik 'n drogargument.

Ironies genoeg is die voorwaardes wat die ANC nou stel vir 'n terugkeer na Kodesa eintlik glad nie militant nie: instemming tot 'n verkose Grondwetgewende Vergadering en 'n Tussentydse Regering van Nasionale eenheid; die beëindiging van alle moordbende-aktiwiteite en beheer oor spesiale magte; die vervolging van veiligheidsmagde wat by die geweld betrokke is; die beëindiging van onderdrukking in die tuislande; en die uitsfasering van hostels.

Dit is redelike eise, en hoe gouer die regering maniere kry om daaraan te voldoen sonder om te veel gesig te verloor, hoe gouer kan ons met die normaliseringsproses begin.

Maar twee sake sal gou en behoorlik aangespreek moet word: die moorddadigheid en aggressie van Mangosuthu Buthelezi se Inkatha moet nou sigbaar en doeltreffend kortgevat word; en die geloofwaardigheid van die polisie moet herstel word met die inbring van buitelandse moniters en ondersoekbeamptes.

Ons sal die nasionale politieke temperatuur binne 'n maand of twee op die langste - verkieslik vóór die beoogde nasionale staking in Augustus - ingrypend moet verlaag. Anders gaan ons nog jare lank jammer wees oor die skade wat in dié kort tyd aan ons gemeenskap en ons toekomst aangerig is.



Jay Naidoo... "Cosatu is a tiger in a sense." (Pic: Sara Prall)

## 'the alternatives are much worse'

### Jay Naidoo on Cosatu's mass action campaigns

It's the government's worst nightmare come true: the giant of South African politics, trade union federation Cosatu up and running and dragging the ANC in its wake into the new South Africa. Demanding the removal of the De Klerk government; rejecting the soft party political forum of Codesa; demanding the direct involvement of civil society in the restructuring of the new South Africa; threatening Nuremberg trials against security forces members and others involved in the township violence; demanding the creation of a constituent assembly by December; throwing out of court all talk about minority vetoes for whites; insisting on statutorily empowered independent violence monitors. And threatening ongoing mass action centred around a series of general strikes to achieve it.

It is hard to say who likes the idea less: the ANC's top leadership, suddenly deprived of the initiative, or the government which knows that even if as it might, it resorts to draconian repressions, it simply cannot win against the popular might and organisational capacities of the unions. The easy option of compromise negotiations has been squandered. How it will all play out remains uncertain, but it is clear that the history of South Africa changed this week. Cosatu General Secretary Jay Naidoo in an interview with IVOR POWELL explains how.

**IT could almost be argued that the call to mass action has already been too successful with all the wildcat strikes and other expressions of popular anger breaking out in relatively spontaneous ways - and without any direct and centralised direction by Cosatu or the ANC. Aren't you worried that you may be riding a tiger you may not be able to control?**

Obviously we are worried. People are not going to wait for guidance, for leadership - they are going to take matters into their own hands. We've begun to see that happening with Nehawu and various other actions. That is a situation that can lead to complete chaos and anarchy.

Cosatu is a tiger in a sense. What we are saying now is the time has come for the energies and militancy of our people to be given direction. We focus it on simple demands, on things that achieve a transition to democracy and peace. We identify who the obstacles are and we

then drive that resistance through. We are hoping it will be a short and decisive campaign that will lead us to a new scenario.

Yes, there are dangers. But if we don't do something to channel the anger of our people the scenario could be much worse. That is the choice that faces us and honestly we are concerned. But the alternatives are much worse.

**What are you doing to direct these unruly energies?**

How it all plays out depends on how government responds and how the employers respond. That is why we are engaging business. We are committed to engaging business and engaging the church as major opinion making components in society in order to create a forum in which we can construct a solution.

▶ One of the possible scenarios



▶ to come out of this is the declaration of a state of emergency by the government...

Certainly one of the options of the government is to increase repression and then unilaterally decide what the solution is going to be. But if they do that, then we are heading down the road of increased conflict and confrontation.

Mass action is designed to bring the greatest possible pressure to bear on the government. And the principles on which we are building our campaign are the broadest possible principles designed to create the broadest possible coalition to say: this is the solution that our country requires and the major players must fit into that solution. We are saying we can construct that solution in civil society.

**Would this be in opposition to existing political forums?**

The political negotiations have failed to construct a solution because of the intransigence of government. It is now up to the people to construct a solution and to compel the political forces to accept the solution.

**Specifically does this mean that you are wanting to backtrack on any decisions already reached at Codesa?**

There are some things decided at Codesa like principles which are important, but we are saying that things like powers of government at regional and national level can't be decided now. They have to be decided in an independent forum...

**Post constituent assembly?**

Yes. What the powers of government are is the business of the constituent assembly. Certainly what our approach to the constituent assembly is is that we need full social and economic reconstruction. How we achieve that is dependent on an elected body.

Of course we see the need for checks and balances on government. But the

basic point is we do not believe, the way the government does, that the haves should have more rights than the have-nots.

**There are dangers though in creating coalitions. At the Boipatong funeral, for instance, various black consciousness elements were very busy whipping up racial hatreds, trying to hijack the event to their own purposes...**

We are not going to support racial solutions. As much as we are opposed to De Klerk's attempts to perpetuate minority rule we are opposed to any attempt to build into our programme any attempt to dominate whites. I will address the issue on public platforms if necessary.

**A lot of people these days are talking about the so-called Leipzig option, the idea of rolling strikes leading to not a negotiated settlement, but the complete collapse of the regime.**

We remain committed to negotiated settlements. But if the government remains intransigent in reaching a genuinely negotiated settlement, then we have no option but to continue with rolling actions.

The August 3 general strike will not necessarily be the only one this year.

**What is becoming clear is that Cosatu is launching all this on its own initiative. Does this mean it is assuming the leading position within the tripartite alliance during the mass action campaign?**

Each organisation has its role. Ours is to harness militancy and organisation and channel that into the realisation of certain objectives, that is the function of Cosatu. But you must also see this historically. Last year we said that the transition to democracy must take us eighteen months from where we are to an interim government in June, to constituent assembly elections in December, to a new constitution and democratic government in June 1993. The programme goes ahead...

# BOIPATONG:

## what the police aren't investigating

COMMISSIONER of Police General Johan van der Merwe was conspicuously busy this week deflecting public concern over the Boipatong massacre away from the security forces and hyping up police investigations.

To date 81 inmates of KwaMadala hostel have been arrested in connection with the killing of 47 residents on June 17. Police investigators are vigorously following up on leads, impounding weaponry for forensic examination, questioning hostel dwellers, extracting confessions...

But there is no progress on allegations of police involvement. Van der Merwe this week made a point of noting that investigators had found no evidence of security forces collusion.

But this does not mean there is none. The reason police investigators have not received such evidence is simply that residents en masse are refusing to assist in their investigations. They don't trust the police even that far.

INSTEAD HUMAN RIGHTS organisations and legal firms are busy putting together their own dossiers - with the full co-operation of the residents.

This week VWB was exhaustively briefed on the contents of some of those dossiers. Names and details which could identify and therefore potentially endanger the deponents were omitted as part of an undertaking given to the residents assisting in the investigations.

BUT VWB HAS NO DOUBT whatever that the statements, whether accurate or not (that the courts must decide), are nevertheless authentic.


- According to one Boipatong resident, he was present in the area just before the attack commenced when a large crowd of armed men wearing headbands became visible in the distance. Nearby there was a group of policemen warming themselves by a fire. They also saw the approaching impis, but did nothing about it. The man then approached them and demanded they take some kind of action. At this point a call was made to a senior police officer - with the single result that the complainant was escorted out of the vicinity. At this point the man set off an alarm connected to the Vanderbijl Park police station, requesting police action.
- Police action to protect the residents of course did not materialise. According to police accounts of the incident they were not present in Boipatong until 4 am the next morning, and this indeed is when the official, "peacekeeping" force did arrive.
- But for all this official absence, every resident's statement insists they were in fact, unofficially in Boipatong throughout the killings. One account has a resident watching as a security forces armoured vehicle drew up outside a house, depositing impis to then break into the house - where a child was hacked to pieces - while the armoured vehicle shone its lights into the residence to provide better visibility and uniformed security forces personnel stood by with rifles at the ready. Other statements allege that security forces personnel themselves looted houses.
- Another statement has men in the uniform of the Internal Stability Unit directly involved in a series of brutal murders. Alleged hostel dwellers are hacking people to death in the foreground. Behind them are presumed security forces personnel taking aim at the informant and his eight months pregnant wife. They run for it, but the wife falls victim to a hail of fire.
- A number of other statements taken identify whites wearing balaclavas as having taken part in the attack. In one such incident a female survivor claims she saw a white arm exposed as a man attacked in a house where two people were killed.

PUTTING ALL THE STATEMENTS TOGETHER a pattern emerges suggesting a carefully planned and strategically executed operation. It begins around noon with a major police sweep of the township, clearing roadblocks and making the barricaded areas of the township accessible to vehicles. Next there is a strong security forces presence in the early evening, chasing people indoors. Police hang around, enforcing the impromptu curfew.

Then around 10, the impis are escorted into the township and all hell breaks loose. The security forces are involved as escorts to a group which follows the first group of shock troops, and then as a final mop-up force following in the wake of the second murderous assault.

Meanwhile, of course, if we are to believe their own spokespeople, they are dithering around in Sebokeng, innocent of the whole thing.

Maybe. But whatever, we believe there is sufficient evidence to suggest that General van der Merwe refrains from threatening until it has been properly investigated by others than his own subordinates. - IVOR POWELL



# LOS DIÉ UITOORLÊERY

"EK is bevrees ons gaan niks vorder met die onderhandelinge nie solank as wat die hoofspelers mekaar polities probeer uitoorlê in die stryd om mag."

Só meen Frederik van Zyl Slabbert, mede-direkteur van Idasa, nadat hy teruggekeer het van 'n tiendaagse besoek aan Senegal en Nigerië.

Slabbert sê: "Dit behoort nou al duidelik te wees dat al drie hoofspelers - die regering, Inkatha en die ANC - beheer verloor het oor sekere elemente in hul steungroepe wat klaarblyklik uitlokking van geweld beoefen.

"Maar die regering is aan bewind en moet die grootste verantwoordelikheid dra omdat hulle die wetlike toegang tot instrumente van geweld het - die weermag en polisie. Maar dit gaan ons niks help as die leiers bolangs mekaar polities probeer uitoorlê en blameer ten einde die morele inisiatief te wen, terwyl hulle steungroepe gewone mense afslag en moor nie.

"As daar ooit 'n behoefte was dat politieke leiers moet ophou mors met die toekoms van hul land, dan is dit nou. 'n Goë begin is om te erken dat hulle 'n gemeenskaplike probleem met geweld het en dat hulle dit tesame moet oplos voordat die politieke debat weer sy loop kan kry.

"Die medelye met die regmatige pyn en lyding van die naasbestaendes van slagoffers, is geen alternatief vir strategiese leierskap en beleidsformuleringe nie. Die emosies van die massas kan nie gekanaliseer en bruikbaar gemaak word in rasionele onderhandelinge nie. Maar dit kan as 'n aansporing daarvoor dien.

"Andersyds kan die regering nie die stem van die internasionale gemeenskap probeer wen met simplistiese argumente as 'n alternatief vir die klaarblyklike gebrek aan die onpartydige handhawing van wet en orde nie.

"Die tyd is oorryp dat Buthelezi, De Klerk en Mandela agter geslote deure, saam met hulle generaals en veiligheidsadviseurs, mekaar vierkantig in die oë kyk en mekaar werklik afvra: 'Wat wil ons met die land maak?' - HENNIE SERFONTEIN



# die seisoen van *massamoorde*

Massamoorde het die laaste twee jaar landwyd uitgekring as 'n afgryse kenmerk van die politieke toneel in Suid-Afrika, bevind die Menseregte-kommissie in 'n ondersoek na aanleiding van die Boipatong-tragedie

In die laaste twee jaar - sedert Julie 1990 - was daar 49 menseslagtings in Suid-Afrika, in elk waarvan meer as 10 mense om politieke redes vermoor is.

In dié menseslagtings is 1 250 mense koelbloedig om die lewe gebring - gemiddeld 25 sterftes per slagting.

Naas dié slagtings - wat in 'n tempo van twee per maand voorkom - is meer as 6 000 mense in ander politieke gemotiveerde moorde om die lewe gebring en 13 000 mense beseer.

Dié skokkende patroon van massamoord kom na vore in 'n spesiale verslag oor politieke slagtings wat dié week deur die Menseregte-kommissie uitgereik is. Die verslag is opgestel na aanleiding van die Boipatong-slagting op 17 Junie, waarin 46 mense vermoor is.

In die meeste slagtings (69 persent) was die aanvallers lede of ondersteuners van Inkatha, sê die kommissie. Die verslag strek terug na Julie 1990, die maand waarin Inkatha die stigting van die Inkatha Vryheidsparty as landwyse politieke party aangekondig het.

Die stigting van dié party het volgens die kommissie verreikende gevolge gehad: die toe vyf jaar'oue oorlog in Natal het uitgebrei na buite die grense van dié provinsie, veral na die PWV-gebied.

In die ondersoek na menseslagtings (as arbitrêre maatstaf vir 'n slagting is 'n minimum van 10 sterftes gebruik) het verskeie kenmerke na vore getree wat die aard en doel van dié slagtings betref, sê die kommissie:

- Inkatha se veldtog om politieke invloed, 'n groter ledetal en selfs grondgebied te bekom, is die oorheersende tema.
- Die taktiek van uiterste terreur, wat na willekeur op townships gemik word om gemeenskappe lam te lê en te ontstig, hang saam met die slagtings.
- Hostels word gebruik as basisse van waar slagtings beplan en uitgevoer word.
- Daar is gedurig sprake van die medepligtigheid van veiligheidsmagte in die slagtings, asook die deelname van onbekende witmense.
- Weerwraak loop soms opnuut op 'n slagting uit.
- Die menseslagtings - wat meestal binne 'n paar uur uitgevoer is, maar hulle soms oor dae en selfs weke ontvou het - het in die volgende gebiede plaasgevind:

## NATAL

In die laaste twee jaar is 167 mense vermoor in 11 slagtings in Natal. Die kommissie wys daarop dat dit nie die enigste slagtings is wat al in dié streek

plaasgevind het nie: "Om die volledige prent te begryp, moet mens nóg vyf jaar terugkyk."

Die slagtings is só versprei:  
Binneland: 5 slagtings (79 lewens)  
Noordkus: 3 slagtings (33 lewens)  
Suidkus: 2 slagtings (37 lewens)  
Durban: 1 slagting (18 lewens)

## PWV-GBIED

Sedert Julie 1990 is 1 083 mense in 38 slagtings in die PWV-gebied vermoor. Die slagtings is só versprei:

Oos-Rand: 14 slagtings (476 lewens)  
Soweto: 9 slagtings (245 lewens)  
Vaal: 8 slagtings (195 lewens)  
Alexandra: 4 slagtings (89 lewens)  
Wes-Rand: 2 slagtings (57 lewens)  
Johannesburg: 1 slagting (21 lewens)

## DIE AANVALLERS

In die meeste voorvalle, sê die kommissie, verwys media- en ander verslae na bewerings of afleidings oor die identiteit of bron van die aanvallers, soms gestaaf deur wettige bewyse. Op dié grondslag is 'n skatting gedoen van die identiteit van die beweerde aanvallers. Die ontleding lyk só:

- Inkatha (lede of ondersteuners) was verantwoordelik vir 34 van die menseslagtings (69 persent).
- "Vigilantes" wie se politieke verbintenis nie verstrekkend is nie, maar wat beslis bondgenote van Inkatha is, was verantwoordelik vir 3 slagtings (6 persent).
- Veiligheidsmagte (SAP, SAW, KZP) was regstreeks verantwoordelik vir 4 slagtings (8 persent).
- By 10 slagtings was daar geen leidraad rakende die aanvallers se identiteit nie.
- Die verantwoordelikheid vir 8 slagtings is gedeel: óf omdat twee partye mekaar openlik en terselfdertyd aangeval het, óf omdat die opponerende partye albei ewe verantwoordelik is vir die slagting.

## DIE SLAGOFFERS

Dit is makliker om die slagoffers en hul politieke verbintenis uit te ken as dié van die aanvallers, wys die kommissie uit. Die statistieke oor die slagoffers verskaf ook bykomende bevestiging van die statistieke oor die aanvallers, omdat albei met mekaar saamhang.

Uit die verslag blyk die volgende:

- Township-inwoners was die slagoffers in 36 slagtings (73 persent).



- Inwoners wat bepaald as ANC-ondersteuners uitgeken is, was bykomende slagoffers in 10 slagtings (20 persent).
- Inkatha-lede en ondersteuners was slagoffers in 9 slagtings (18 persent).
- In 6 slagtings word albei die opponerende partye as slagoffers

- van mekaar beskou en is hulle mede-verantwoordelik.
- In 3 slagtings is mense tydens begrafnisse of nagwake aangeval.
- In 2 slagtings is mense in openbare ontspanningsplekke (biersaal, kroeg) aangeval.
- In 3 slagtings is pendelaars (trein, bus) aangeval.

## DIS GOED SO!



DAAR is 'n gekreun onder wit politici en konserwatiewe sportlui oor die kompromis wat die ANC oor internasionale sportmededinging aangegaan het: dit kan voortgaan, maar dan moet sportlui hul steun vir vrede en demokrasie demonstreer.

Dit is in die algemeen gesproke 'n ongesonde beginsel om politiek of ideologie aan sportlui op te dwing, en ongewens om voorwaardes anders as fisieke prestasie aan sportlui te stel. Maar ons lewe in buitengewone tye in 'n hoogs abnormale samelewing.

Byna elke sportsoort buiten sokker is nog oorwegend wit en die aandrang dat sportboikotte hervat moet word as strafmaatreeël vir wit onbuigsamheid en 'n gebrek aan geesdrif vir demokrasie loop diep in die swart gemeenskap.

In 'n tyd dat landsburgers se bloed byna daaglik vloei en die hele gemeenskap in beroering is oor die gebrek aan vordering na 'n regverdige, normale gemeenskap, is dit onmoontlik om sport uit die nasionale lewe te neem as 'n "nie-politieke" aktiwiteit.

In die omstandighede was dit 'n goeie en sinryke kompromis. Maar pleks van hul gesindheid jeens vrede en demokrasie te vertoon omdat die ANC hulle verplig, behoort ons sportlui die plakkers of armbande te dra omdat hulle werklik daaraan glo en omdat dit 'n bydrae kan maak tot ons vreedsame toekoms. - MAX DU PREEZ



# BROLLOKS & BITTERGAL



Hemus Kriel

## KOM TERUG, ADRIAAN, ALLES IS VERGEWE

ONS ministers van Polisie, of Wet en Orde soos ons dit deesdae in Natspeak ken, was oor die dekades altyd 'n probleem.

Dink maar terug aan die dae van Jimmy Kruger-saliger gedagtenis - en al sy absurde manewales. Soos Steve Biko se dood wat hom koud gelaat het. En dink terug aan Louis le Grange.

Miskien is dit die nuwe tye waarin ons lewe, maar dit smaak so al vir Brolloks asof Hernia Kriel 'n groter twak - kom ons sê dit op sy naam: 'n groter politieke poepol - as enige van sy voorgangers is.

Om die waarheid te sê, Brolloks verlang terug na Adriaan Vlok van alle mense.

Juis nou dat die portefeulje Wet en Orde seker die belangrikste een in die kabinet is, dis nou naas dié van Staatspresident, sit ons met 'n arrogante, ongevoelige en kragdadige PW Botha-oorblyfsel.

Sit ons met iemand wat 'n maand of twee gelede in die wandelgange van Kodesa ten aanhore van verskeie mense - onder andere Brolloks se bron - oor die voortslepende township-geweld gesê het: "Dit is maar net die Sesde Kafferoorlog."

Dié K-woord is glo een wat hy al by meer as een geleentheid gebruik het.

As dit die man is wat aan die hoof staan van die mag wat vrede moet bring in ons land, kan ons verbaas wees dat die bloedvergieting net toeneem?

As dit een van die Staatspresident se vernaamste adviseurs oor veiligheid en die toestande in die townships is, kan ons FW te erg verkwalik dat hy so droogmaak?

Die man behoort onder sy naam geskop te word. Suid-Afrika kan nie in dié tyd so iemand bekostig nie.

### Die wiel draai

DIE wiel het weer gedraai en ons ou uitvoerprodukt, die necklace-moord, is terug in die mode. (Internasionale woordeboeke sluit deesdae dié nuwe betekenis van die woord in.)

Daar was in Junie alleen 26 van dié moorde in ons land - seker die aakligste manier denkbaar om te sterf.

Ons sal ons harte styf moet vashou vir die dae wat kom.

### Hanglus

IN dié dae waarin ons so stry vir beskaafde norme en selfs die Nasionale Party ernstige vrae oor die doodstraf begin vra, is dit vreemd om te hoor dat 'n regter - regter Hugo van die Pietermaritzburgse Hooggeregshof - die staat skerp kritiseer omdat

doodsvonnisse soms nie uitgevoer word nie.

### Die Franse bring nie hul kant (oepl) nie

LAASWEEK het ons van die Wêreld-Gesondheidsorganisasie gehoor die seksuele daad word meer as 'n honderd miljoen keer per dag wêreldwyd beoefen.

Dié week het 'n reuse-meningsopname in Frankryk bevind die kastige amoreuse Franse is nie juis verantwoordelik vir 'n groot bydrae tot dié syfer nie.

Die nasionale opname, wat onderhoude met 20 055 mense tussen 18 en 69 jaar ingesluit het, het bevind dat die Franse gemiddeld tussen sewe en agt keer 'n maand seks het.

Maar dan sluip daar 'n ander stukkie inligting in wat die beeld van Franse mans as groot minnaars van vroue gaan ondermyn: Die gemiddelde Fransman het agt keer seks per maand, maar die gemiddelde Franse vrou net sewe keer. Nou as Bittergal se sin vir

logika hom nie in die steek (ouch) laat nie, dan sê daardie verskil van een keer 'n maand iets...

Ander inligting uit die opname is dat dat Franse mans gemiddeld op 'n ouderdom van 17,1 jaar hul eerste seksuele ervaring het, en vrouens eers op 17,9 jaar. Mans oor 25 sê hulle het al tussen twaalf en veertien seksmaats gehad, maar vroue sê hulle het net tussen twee of vyf. (Lieg iemand nie?)

Net 4 persent mans en 5 persent vroue het nog nooit seks gehad nie. Agt tot nege uit tien mans sê hulle het al gemasturbeer, maar net 42 persent vroue sê hulle het hulle al self gehelp - behalwe vir dié tussen 25 en 44, want die meeste van hulle het dit al gedoen.

Homoseksuele ervarings is gerapporteer deur 4 persent mans en 2,6 persent vroue. In die laaste vyf jaar het 3,3 persent mans al vir seks betaal.

'n Mens wonder hoe lyk die statistiek hier by ons? Dan sal ons die dae wat politici op ons gewone ouens pleeg, moet uitsluit, want anders gaan ons die hoogste syfer in die wêreld hê.



## HENNIE SERFONTEIN HET SY OOR OP DIE GROND

### DIE STRALENDE VROU BY DIE OOP GRAFT

DIE aantreklike, jongerige vrou luister met intense konsentrasie en oorgawe na elkeen van die 14 sprekers tydens die massa-begrafnis van die Boipatong-slagoffers.

Af en toe beaam sy goedkeurend met 'n "exactly", "that's it", "how true!". Haar vuis soms in die lug om haar meelewing te demonstreer. Haar gesig straal innerlike vertroue en optimisme oor die lewe, die politiek en die toekoms uit.

Ek kon nie help om haar op te merk nie want sy was anders as die ander mense.

Haar naam is Patricia Slungwane. Sy is anders, want sy is in 'n rolstoel, met groot moeite deur haar kamerade tot naby die podium gestoot.

Ons begin gesels. Sy is sedert haar negende jaar ná 'n motorongeluk in 'n rolstoel en tans hoofbibliotekaris by 'n skool. In die konflikjare van 1986-'87 is sy vir 18 maande aangehou, "omdat ek nooit bang was om my politieke mening uit te spreek nie, al is ek 'n staatsamptenaar".

Sy het al die pad van

QwaQwa gekom, 500 kilometer van hier af.

Hoekom dat so ver?

Hoekom nie 'n byeenkoms in jou omgewing bywoon nie? wou ek weet.

Sonder enige grootdoenerigheid antwoord sy met 'n groot glimlag: "Bevryding is vir my so belangrik dat dit onverantwoordelik van my sou wees om dit aan andere oor te laat. Na alles is dit my vryheid. Ek kan mos nie toelaat dat andere vir my veg nie. Daarom is ek vandag hier."

Dit is met dié soort onwrikbare geloof in die ANC dat die NP te doen sal kry in sy huidige veldtog om die sogenaamde "stille, gematigde swart meerderheid" na hulle oor te wen.

### TUTU EN DIE GROOT NEUSE

DIT IS NET 'n Desmond Tutu wat op die dag van rou, hartseer en woede die soort preek kon lewer wat hy by die Boipatong-begrafnis gedoen het.

Tutu vertel grappe of maak humoristiese vergelykings sodat mense deur hul tranen en

bitterheid glimlag en selfs hardop uitbars van die lag.

Maar dit word gedoen

sonder 'n sweem van oneerbiedigheid. Sy amusante anekdotes is nie oppervlakkig of goedkoop nie. Sy humoristiese uitsprake bevat diep teologiese en filosofiese wysheid oor die ewel van apartheid en rassisme, en toon dat God 'n God van liefde en geregtigheid is.

Só het hy byvoorbeeld die belaglikheid van apartheid uitgewys: "Ek het 'n groot neus. Nou verklaar die regering dat slegs mense met groot neuse die toilette op Jan Smuts mag gebruik. Dink net watter probleme julle andere met kleiner neuse sal hê," sê hy terwyl die skare hardop lag.

Met afgemete stem beklemtoon Tutu dat God alle mense volgens gelyke waarde en volgens sy beeld geskape het. "That is why each of you is a very special person."

Dan gaan Tutu die skare voor en vra hulle om te herhaal wat hy sê: "I am a very special person." En in dreunsang herhaal die skare dit.

Later sê hy: "God did not make a mistake in making you black."

En nog later sê die skare

agter hom aan: "I am black and proud of it."

### ONDERHANDEL OF MASS ACTION?


BETEKENISVOL dat daar by die Boipatong-begrafnis fundamentele verskille was tussen die toesprake van Cyril Ramaphosa, sekretaris-generaal van die ANC, enersyds en dié van Jay Naidoo, sekretaris-generaal van Cosatu, en Chris Hani, algemene sekretaris van die SAKP, andersyds.

Ramaphosa het óók die Regering en FW de Klerk in vlymskerp taal veroordeel, maar aan die einde van sy toespraak het hy gesê die ANC is verbind tot die proses van onderhandelinge - wat volgens hom deur die inisiatief van die ANC tot stand gekom het.

Sodra die regering aan die ANC se eise voldoen, of blyke lewer van hul bona fides, is die ANC terug by die onderhandelingsstaf.

Maar Naidoo en Hani, wat van meet af nie geesdriftig oor onderhandelinge was nie, het onderhandelinge veroordeel en die finale oplossing in "rolling mass action" gesien.





Twee kennisgewings op Beaufort-Wes...

## die mense kou *harde bene in die karoo*

Oor die lengte en breedte van die Karoo het hulle aangekom en saamgestem: die gehalte van lewe in dié streek gaan net agteruit en ingrypende stappe is nodig om die lot van die mense te verbeter. So nie, sal die Karoo tot 'n "menslike rampgebied" verklaar moet word. CHRISTELLE TERREBLANCHE doen verslag

MET die aankoms op Beaufort-Wes, langs die grootpad tussen die Kaap en Transvaal, vra 'n rasta-man vir geld. "Nee, ek het nie blyplek nie en ook nie werk nie," vertel hy. "Nou vra ek maar om vensters te was, dan kry ek so 20 sent vir 'n brood. Ek het ook besluit om die A-double-u-bee's te vra vir vensterwas, al skel hulle. Wie sal dan nou vir my werk gee?"

Sy desperate storie word regdeur die dorre landskap vertel.

Tussen die Karoo-bossies, verweerde berghange en die "gange" (plaaspaaie) heers al meer as 'n eeu lank 'n ekonomiese oorlog, vererger deur apartheid. Dié oorlog het die lewe van sy slagoffers nou net soveel gedevalueer as dié van die slagoffers van politieke geweld in die stede, meen besorgde inwoners.

Die besef dat elke gemeenskap in die Karoo, met sy meedoënlose eise aan mens en dier, nie elkeen alleen die oorweldigende probleme van die gebied kan aanspreek nie, maar dat oor die wye vlaktes heen hande gevat sal moet word om letterlik te red wat te redde is, was die vernaamste motivering van die besluit om 'n konferensie oor die krisis te hou.

Vir diegene nou betrokke by opheffingswerk was die naweek se konferensie oor "Armoede en Ontwikkeling in die Karoo" 'n droom wat waar geword het.

"Ons wêet watter skade apartheid aan ons almal gedoen het en steeds doen," sê Stefaans Jooste, 'n onderwyser en voorsitter van die Koördineringskomitee. "Ons kén armoede. Ons kén die droefheid en die skade aan ons selfvertroue, ons

waardigheid. Maar ons tyd het aangebreek om op te staan en ons trots en ons eer te herwin. Om dit te doen moet ons egter kennis hê."

**DIE SPREKERS** het onderstreep dat die armoede 'n gevolg is van die strukturele ongelykhede wat apartheid meegebring het. Die ongelykheid is besonder swaar in die Karoo gevoel, weens die groot afstande, betreklike gebrek aan natuurlike hulpbronne, stedelike voorkeur vir ontwikkeling en die gevolglike "isolasie" en "verarming" van die inwoners. Grond, as vernaamste hulpbron, het al "witter", al droër en al hoe meer onderbenut geword, terwyl toegang daartoe al moeiliker en die grondhonger aan die kant van die "slagoffers van apartheid" absoluut geword het.

Vandag is talle van die swart en bruin Karoo-boorlinge swerfmense, wat met donkiekar, sinkplaatskuiling of tydelike stukwerk, niks besit nie en geen toekomsverwagtinge het nie. Werkloosheid is gemiddeld 60 tot 70 persent en gesinne se afhanklikheid van staatspensioene so hoog as 90 persent. Maatskaplike werkers sê die Karoo het 'n welsyn-slagveld geword, waar talle selfs doelbewus hulle gesondheid afskep om vir "ongeskiktheid" in aanmerking te kom.

Min van hulle verstaan die strukture en probleme wat hulle haweloos op hul geboortegrond gelaat het, en nog minder begryp dat hul redding desnoods in eie hande is.

Verteenwoordigers van 33 van die sowat 50 Karoo-gemeenskappe het saam met diens- en maatskaplike organisasies, onder meer Idasa, Regslui

vir Menseregte, Surplus People Project, akademië, kerklui en selfs 'n boer of twee, koppe bymekaar gesit om die dringendste probleme te identifiseer en oplossings aan die hand te doen.

Die spektrum van probleme neem, soos verwag, skrikwekkende afmetings aan. Asof grootskaalse alkoholmisbruik, onvoldoende skoolgeriewe, gebrek aan wetgewing om plaaswerkers se regte te beskerm en chroniese werkloosheid en armoede nie genoeg is nie, is die toestand die laaste paar jaar vererger deur die rasionalisering en privatisering van vervoerdienste (wat duisende werkloos en sonder vervoer gelaat het), die nasionale sosio-ekonomiese insinking en die slakkepas van hervorming.

**NOU WORD NAELS GEKOU** oor die uitwerking wat die heersende droogte gaan hê. Hier en daar word dit al "aan die lyf" gevoel, soos Kenhardt, wat tot droogte rampgebied verklaar is.

Piet Visagie, sosiale werker van die dorp, sê: "Dit is die boere se dorp. En hulle het geen verpligting teenoor die grondloses nie." Nietemin meen hy dat die swaard van verwagte nuwe wetgewing oor plaaswerkers wat oor boere se koppe hang, hulle versigtiger maak om werkers af te dank namate hulle die droogte aan die sak begin voel.

Die konferensie-gangers het op die vernaamste behoeftes gekonsentreer, waarvan ekonomiese ontwikkeling "tot die hart sny van die Karoo se behoeftes", soos prof Wynand Louw, sosiologie-dosent aan UWK, dit gestel het.

"Die gevoel is dat ekonomiese

ontwikkeling gaan oor mense-ontwikkeling en uiteindelik om mense meer in beheer van hul eie lot te stel," sê hy. "Daarvoor is visie, geleentheid, fondse, vaardighede en 'n beter infrastruktuur nodig. Maar ons kan ook nie toelaat dat die Karoo in afsondering ontwikkel nie."

Daar is ook gekyk na die behoefte om ontwikkeling demokraties te laat geskied, kennis oor basiese mense-regte, veral dié van plaaswerkers, die behoefte aan grondhervorming, die rol van die kerk, en die grenslose probleme en tekorte in gesondheidsdienste, onderwys en behuisingdienste.

Saam met die idees om die probleme aan te spreek en nuwe visie het ook die besef ontstaan dat politieke en ekonomiese hervorming op nasionale vlak noodsaaklik sal wees om die probleme van veral grondhervorming, die onderwys en gesondheid doeltreffend en op lang termyn aan te spreek.

Heelwat kritiek is uitgespreek teen die manier waarop die kerke veral armoede aanspreek. Kerklui is deur gemeenskappe gevra om 'n werkbare, skriftuurlike definisie van armoede te formuleer en dan meer aktief in die bekamping daarvan betrokke te raak.

**DIE GEESDRIF** oor wat in die Karoo gedoen kan word, veral ten opsigte van sy mense-materiaal, is hoofsaaklik getemper deur die grondkwessie, die potensiaal wat nie "na behore benut word nie", die "historiese wanbalanse en die ontoeganklikheid". "Empowerment" van werker en werkgewer insgelyks word as een van die grootste



# Dié uittreksels, waarin die Karoo se mense hul lewensomstandighede opsom, kom uit navorsing- stukke oor 'n tydperk van ses jaar deur prof Aubrey Redlinghuis van die UWK -se Instituut vir Sosiale Ontwikkeling

“Ek wil die magistraat vra om my en die kinders te laat doodskiet, want só swaar kan ek nie meer kry nie. Ek het nie eens meer mooi woordjies vir my man in briewe tronk toe nie”.

**BRITSTOWN**

“Hulle het gepraat van die mense is werksku. Die boere praat ook. Ek sê, ons mense is nie werksku nie. Die behandeling, dit is die storie. Ek het hierso by..., daai manne sê, daai boer vloek hulle enige tyd en daai boer wil hulle sommer enige tyd slaan. Toe sê hy: Meneer, ek kan nie meer, ek moet trek.”

**BEAUFORT-WES**

“Kan nie verstaan nie. As arbeiders het ons die land ryk gearbei, maar nou verstoot die witmense ons.”

**VICTORIA-WES**

“O Here meneer, ek moet dit maar so aanvaar, want ter wille van die kinders - kinders gaan skool... ek eet omtrent nooit, drink maar net 'n bietjie koffie môrens. Eenuur dan bly ek sommer van die huis af. Dan kom ek vanaand en eet net daai stukkie vanaand. Môre gaan ek net weer weg dan bly ek sommer die hele dag weg.”

**MURRAYSBURG**

“Ons het geen heenkome. Ons is basies 99 persent afhanklik van die staat.”

**BEAUFORT-WES**

“Ek maak kinders bang sodat hulle aan slaap kan raak. Paai soms sodat hulle vergeet van hongerpyne. Soggens moet ek dan vroeg opstaan om iets te gaan soek vir kinders om te eet wanneer hul wakker word.”

**BRITSTOWN**

“Ek dink mense drink omdat, jy weet ons mense doen dit net andersom. Die ander mense skiet hom dood, wanner hy nie die las kan dra nie, maar die ... man drink. Dit is vir hom 'n ontvlugting.”

**DE AAR**

“...mense wat spiritus drink en daai mense ly behoorlik. Hulle het nie huisvesting nie. Hy het nie broek of hemp of paar skoene nie. Hulle slaap onder brûe en al daardie soort van dinge en dit is omdat die man nie geld het nie, hy werk nie...”

Ag, meneer dit is treurig.”

**BEAUFORT-WES**

“Daar is nou nie eens geld nie, nou as hulle dronk is en die kinders huil en vra kos, dan dink hulle seker hulle is dronk, dan kry hulle nie so seer nie”.

**VICTORIA-WES**

“Die moedeloosheid en die magtelosheid is dieselfde...”

**MURRAYSBURG**

uitdagings in dié verband gesien. Die stryd teen lae lone en werkloosheid is daarin van kardinale belang, is gesê.

Die bevrydingbewegings se aandrang dat plaaslike herstrukturering nie eensydig aangepak word, moet hier letterlik opgeweeg word teen dringende en broodnodige hervorming ter wille van menswaardigheid en die mees basiese menseregte, soos kos en skuiling.

Privatisering van dienste op dorpe is boonop 'n groot probleem, soos ds Richard Jones van die Sendingkerk op Venterstad uitgewys het. “Werkloosheid beloop al 75 persent, huurgeld vir huise is R90 per maand en nou die dag het die munisipaliteit nog 15 werkers afgedank weens privatisering-skuiwe. Hier kom geen ontwikkeling nie. Met die Hendrik Verwoerd-dam op ons voorstoep word water regdeur die gebied gestuur, maar vir ons is daar geen werk of toegang nie.”

Op Beaufort-Wes wys 'n groot uithangbord: “die veiligste karavaanpark” - en 'n kennisgewing langsaan verduidelik “die terrein is geprivatiseer deur die munisipaliteit, wat reg van toegang voorbehou”.

**VAN DIE JONGER** gemeenskapswerkers, wat ook meer polities aktief is, het by VWB kom kla oor polisie-geweld. Die advieskantoor op Carnarvon het

bevestig dat klagtes van polisie-molestering op verskeie plekke ondersoek word, onder meer Brandvlei, Vosburg, Williston en Loxton, terwyl die moontlikheid van 'n interdik teen die polisie op Prieska indringende aandag geniet.

“Daar mag monitering in die stede wees, maar op die platteland het die polisie nog vrye teuels. Niemand sien hulle nie,” verduidelik 'n afgevaardigde van die dorp.

Een van die besluite was om bestaande strukture in die gemeenskappe, onder meer inligtingsbronne, uit te brei. “Die plaasskool bly 'n wesenlike bron van inligting,” beklemtoon Jooste.

Daar sal voortgegaan word met werkwinkels, veral om mense van hul regte bewus te maak en visie te help bevorder. 'n Oproep is op groter media-aandag gedoen sodat mense bewus gemaak kan word van die Karoo se dilemma. Afvaardigings na verskeie ministers word beplan om onder meer toegang tot plase, die gesondheids- en onderwysnood te bespreek.

“Ek wys nie vinger na apartheid as enigste oorsaak van die armoede nie, maar dis die vernaamste,” sê ds Beyers Naudé, die genooide spreker. “Al sou ons ook die mees simpatieke en gewillige regering hê, sal voor sekere werklikhede geswig moet word.”

**HY HET** gesê die Karoo se mense sal geloof in hulself en visie moet ontwikkel en gewys op die noodsaaklikheid van koördinerende tussen ontwikkelingsprogramme in die streek. Die Karoo moet self inspraak hê in sy toekoms, sodat voorkom word dat beleidsrigtings soos tot nou van bo afgedwing word, sê hy.

Prof Aubrey Redlinghuis van die Instituut vir Sosiale Ontwikkeling (ISO) aan UWK, wat jare lank al navorsing doen oor die maatskaplike probleme van die gebied, het soos prof Kader Asmal van die ANC daarop gewys dat die probleem van armoede in die Karoo nie in 'n vakuum bestaan nie, maar deel van die nasionale probleem is.

Hy meen die balans tussen ekonomiese herstrukturering en groei landwyd enersyds en die demokratisering en herverdeling aan die ander kant, sal een van die grootste beleidsuitdagings van die toekoms wees.

“Die vernaamste politieke rolspelers sal indringend kennis moet neem van die realiteite van landelike onderontwikkeling en armoede,” sê Redlinghuis.

Die armoede word primêr ervaar deur swart Suid-Afrikaners en veral in die landelike gebiede, wat 80 persent van die grondoppervlak beslaan en 40

persent van die land se inwoners huisves. “Die areas het die laagste welsynsvlak in die land,” sê hy.

Buiten werkloosheid, lae lone en die “uiters desperate bestaansituasie”, het hy ondervoeding, wanvoeding, siektes, drankmisbruik, tienerswangerskappe, gesinsverbrokkeling, haggelike lewensomstandighede van plaasarbeiders, behuisingstekorte op dorpe as die Karoo se vernaamste probleme uitgewys.


Hy bevestig dat “die response van plaaslike en sentrale owerhede”, en beklemtoon

die “sombere toekomsvisie” van inwoners, hulle oorheersende gevoel van “magtelosheid en moedeloosheid”.

Of die akademiese insette van die konferensie en die nuwe visie wat dit geskep het, deur die gemeenskapvertegenwoordigers vertaal en afgewentel kan word na dié wat lankal moed verloor het, sal gesien moet word. Ironies het talle gemeenskapswerkers gewys op die weerstand teen vinnige en geforseerde ontwikkeling onder veral die armes.

“Dit moet geskied teen die pas van die mense van die Karoo en die plaasmense, anders verloor ons,” sê Koos Gous van Carnarvon.





Versien water.  
'n Koel 23 sekondes  
vinniger om na te  
gaan en vol  
te maak.

## “Snaakse dinge gebeur nou by my pa se garage. Laasweek het ek dalk 'n wêreldrekord hier gesien.”



### Flink diens.

Mevrou Kay se tenk was leeg. Maar met goeie bediening was al daardie dingetjies net in die helfte van die gewone tyd kant en klaar. O ja! En terwyl alles blitsig gebeur bet, het mnr Mabuse, die Ultra Service Koördineerder, in beheer van die voorplein, ook nog oorgekom om die ruitveërs skoon te maak en vir mevrou Kay 'n voorspelling van die weer te gee.

“Soveel dinge het by my pa se garage verander. Een daarvan is hoe gou dit nou neem om petrol in te gooi, jou ruite te was en na jou olie en water te laat kyk.

Alles het begin toe Pa 'n belofte geteken het om sy diens beter te maak. Die eerste stap was om die diensspan op die voorplein vir nuwe kursusse te stuur, sodat die alledaagse takies vinniger kan verloop.

Laasweek het al hierdie dinge gebeur toe mevrou Kay, die balletonderwyseres, petrol ingegooi het.”



### Vensters was.

Sjoe, dit was 'n gemors.Stof, insekte, voëluatsenaam, mevrou Kay se ruite bet rêrig aaklig gelyk. Tog was dit binne minute blinkskoon.

### Banddruk.

Al vier bande tot 2 bar gepomp, 53 sekondes vinniger as eers.



### Olie.

'n Bomenslike 20 sekondes vinniger, dieselfde tyd as wat dit vir Carl Lewis neem om 200 meter te nael.



## Uiteindelik kan jy iets doen om beter diens te kry.

By Shell, streef ons daarna om seker te maak alles gaan wel, waar jy ook al gaan. Een vir een ontvang ons handelaars en hul spanne op die voorplein dus 'n uitgebreide opleidingsprogram by ons Kleinhandel Diensakademie, en hulle onderneem om 'n nuwe maatstaf van puik diens aan klante te bring.

Oral waar jy hierdie nuwe Ultra Service-teken sien, kan jy seker wees dis 'n handelaar wat sy garage verbind het tot die hoë standaard wat ons stel.

As jy om enige rede voel dat ons spesiale Ultra Service-handelaars en Shell nie hierdie belofte getrou nakom nie, kry jy by al ons Ultra Service-garages kaartjies wat jy met jou kommentaar aan Shell kan pos. En ons gee beslis aandag aan jou klagtes.

Waarom probeer jy Ultra Service nie sommer dadelik nie?



Alles wel. Op pad met Shell.







# why they *get away*

It's really not strange that most crimes committed in South Africa go unpunished, writes JURIE DE WET

A POLICE General's utterances are seldom good for a laugh - but the Commissioner of Police's recent comment on the judgement in the Trust Feed's murder case had me in stitches. He said that the Police would not tolerate or condone unprofessional or incompetent police investigations. I always thought they were the norm and that unless a criminal left a photograph and a signed confession at the scene of the crime he had a better than even chance of getting away with it. Most of our policemen seem not to know what the word "investigate" means.

Now before I am charged for unjustly belittling our boys in blue (or is it in camouflage?) let's consider the charge.

If you have ever reported a car theft, house breaking or assault to the police, did their investigation prowess and enthusiasm to solve the crime impress you? Was the perpetrator arrested? The chances are you were not and he was not. The sad fact is that most crimes committed in this country go unpunished. The majority of murder cases go unsolved. Criminals and murderers know that the chances of their being caught are slight - so they have little incentive to mend their ways and nothing but contempt for the law.

It's not just a case of the police being unable to find the perpetrator of a crime - that is often the easy part. It is proving the case in court that the police find difficult (witness all the suspect train killers who have charges withdrawn against them). I would estimate that depending on the type of crime any half decent criminal lawyer has an acquittal rate of 50 to 90 per cent.

My experience suggests that these are some of the investigative techniques employed by the SA Police which might have some bearing on the problem:

## The Beat Them Till They Confess Technique

This technique was widely used by units investigating serious crimes such as the old Brixton Murder and Robbery Unit and the Security Branch. One finds a suspect and persuades him to confess. Persuasion might involve a beating or something more refined such as suffocation with an inner tube or a wet canvas bag pulled tightly across the face or the administration of electric shocks with a wind-up field telephone, which when prop-

erly used, will not leave burn marks. A variation, thankfully now little used, was to combine these persuasive techniques with prolonged detention in terms of the security laws. To confess was often the only way to get out from months or years of solitary confinement.

Thanks to a provision of the Criminal Procedure Act, which places the onus of proving that a confession was not freely and voluntarily made on the accused and the fact that the torture seldom takes place in public, this technique is almost guaranteed to secure a conviction, even if the suspect was in fact innocent.

## The Arrest Everyone Who Is Present Technique

Widely used in public violence cases or other offences where several people were present. You charge everyone who may have been present and hope that in court the charge will stick against one or more of them. Also called the roll up technique, it involves finding one person who was present and "persuading" him/her to point out the others. The snag is that it is not very successful where the accused enjoy the benefit of legal representation. But it's good for an arrest and a couple of days in the cells - all the punishment the investigating officer often seems to want. The philosophy seems to be: if the courts won't do it, it's up to the police to punish the criminals.

## The Have Witness Who Will Prosecute Technique

Commonly found in cases involving intimidation. All that's needed is a complainant, usually an employer whose workers have gone on strike or a scab labourer who can be persuaded to lay a complaint. The investigation commonly begins when strikers mount a picket or make a derogatory comment about a scab worker's mother. The indignant employer summons the police, who hold a short discussion with him in private and emerge some ten minutes later to arrest the troublemakers - usually the shop stewards and the more enthusiastic union members. The charge sheet invariably reads: "Dat die beskuldigdes skuldig is aan die misdryf van intimidasie deurdat hulle gedreig het om die klaer te dood deur hom met 'n buiteband te brand indien hy gaan werk."

As in the previous technique, the

investigating officer never asks the suspect for his version of the events and if he does, pays it no heed. He certainly does not investigate the veracity of the complaint before arresting and charging the suspects.

This technique is also not very successful, for it depends largely on the complainant's ability to stand up under cross examination at the trial some three months later. By then the strike is usually over, the scab has left the company's employ or is back at work with the accused and not eager to testify.

Thousands of prosecutions collapse for the same reason - because it is customary for both the police and prosecutors to treat witnesses with contempt, to keep them sitting in court corridors for hours or days without explanation, to keep them ignorant of the progress in the case, not to prepare them before they testify and even to arrest them if they do not arrive at court on the appointed day. State witnesses are sometimes detained for months before testifying. Whatever this is intended to achieve, it certainly helps the defence. A good defence attorney always carefully assesses the State witnesses' level of enthusiasm so as to exploit the police and prosecution's appalling PRO to his client's greatest advantage. A scared and reluctant State witness becomes most co-operative if treated with kindness and consideration by the defence.

## If You Can't Catch The Criminals, Create Them Technique

For policemen tired of failing to find criminals, this guarantees results. Also known as the police trap, it entails inducing law abiding citizens to commit crimes - for instance involving prostitution or illegal diamond dealing - whilst they are recorded on video or tape or in the presence of half a dozen police witnesses. It's a great favourite of the vice, gold and diamond squads as it virtually guarantees a conviction. But it is doubtful that it contributes significantly to reducing crime.

## The Persuade Them To Plead Guilty Technique

Very effective against minor offenders. Refined in the field of traffic law enforcement, it works on the principle that if you make the costs of pleading

not guilty higher than the penalty for pleading guilty most suspects will pay admission of guilt fines. It's cheaper to pay the R100 admission of guilt fine for driving at 70km in a 60km zone through Upington than to return there to defend the charge.

Another popular inducement to a plea of guilty is to arrest a suspect after 4pm on a Wednesday and to advise him that unless he pays an admission of guilt he will be held in the police cells till he appears in court the next Monday. The vice squad in Hillbrow have perfected the "no bail till Monday technique" and the "if you go to court you will be dreadfully embarrassed technique" - which invariably persuades suspects arrested for soliciting a policeman's girlfriend for an immoral purpose on a Friday night, to plead guilty. It makes the police statistics on arrests and crime prevention look good but it does not do much to stop ordinary crime.

## The Charge Them With Obstruction Technique

A favourite of policemen who like to throw their weight around. You behave offensively in some public place, for example by kicking a tramp or a Hillbrow street kid, until some morally sensitive citizen remonstrates with you. You then give the citizen a few clouts and charge him with obstructing the police in the course and scope of their duties. A variant is the "if he charges you, you charge him technique" (attack is the best form of defence). If any citizen should lay a criminal charge or worse, institute a civil action against you, you charge him with some offence that might justify your conduct. If, for example, you have been compelled to shoot someone, charge him with possession of a petrol bomb or escaping from custody. The Attorney General or his staff will ensure that the victim will go on trial before you do. Whether the suspect is found guilty or not, the trial is almost guaranteed to destroy the case against the police before it has a chance of coming to court.

## The Let's Pretend To Investigate Technique

This requires the police to go through the motions of an investigation as they did initially in the Trust Feed matter. It is commonly used when investigating crimes against political opponents. Crimes perpetrated



## people and the law

► by CCB agents and vigilante gangs are routinely investigated by this method. One can interview hundreds of witnesses and issue lengthy press statements on progress without actually making any progress. This technique also does nothing for law and order but can accrue to the government's and the police's short term advantage.

### The Courts Are Too Lenient And The Bistard Will Probably Get Off Anyway Technique

Generally reserved for the worst kind of criminal - usually cop killers - but also used extensively in the past against MK guerillas. Like the previous technique it is not really an investigation and seldom ends in court. Although the use of this technique is seldom proven (Trust Feeds being a rare exception) it is recognised by certain tell-tale signs left in the course of the investigation. Often the sign is a three inch column in a newspaper advising that a suspect arrested for his alleged involvement in the killing of a policeman or farmer died after being arrested. The column will add that the suspect led the police to a private and remote place (there are never any independent witnesses) where he had allegedly hidden the stolen goods or murder weapon. When the suspect bent over to uncover the hiding place he suddenly grabbed a gun hidden there and tried to shoot at the police who were forced to shoot back and the suspect was killed. (The suspect is not handcuffed and is always asked to uncover the stolen goods or weapon himself in case it is booby trapped.) Suspects are also commonly claimed to have led the police to a dam or river, (once even a swimming pool at the Protea Police Station) and there with their hands cuffed behind their backs to have dived in and drowned before they could be rescued.

### The Common Or Garden Investigation

The techniques described above are specialised techniques applicable to specific situations and specific types of crimes. The common or garden criminal investigation is by far the most prevalent. This technique requires a young inexperienced, undertrained, overworked and underpaid police constable to investigate at least three times as many cases as he is able to do properly.


(Jurie de Wet is the pen name of a well-known Johannesburg attorney.)

# jou laaste kans

**VWB** se verkoopprijs styg volgende week weens hoër druk- en verspreidingskoste na R3,00 (BTW ingesluit).

Maar toemaar, dit hoef nie te beteken dat jy R3,20 ekstra 'n maand hoef te bestee om werklik ingelig en geprikkel te word nie. Vir die volgende twee weke kan jy nog op **VWB** inteken teen die ou prys van R110 per jaar en R60 vir ses maande (BTW en aflewering ingesluit) en **VWB** op 'n Vrydagoggend by jou huis afgelewer kry. Dan hoef jy sommer ook nie meer op 'n Vrydag na die ding te gaan soek nie.

THE VRYE WEEKBLAD/SOWETAN



QUARTERLY STATE OF THE NATION REPORT

THE MEDIA AND THE FUTURE


En hier is nog 'n rede waarom jy nou dadelik 'n tjek of poswissel vir R110 moet aanstuur: As jy binne die volgende twee weke vir 'n jaar inteken, stuur ons vir jou 'n gratis **VWB-T-hemp**, of jy kan kies om die toonaangewende publikasie, die **Vrye Weekblad/Sowetan Quarterly State of the Nation Report**, vir 'n jaar lank te ontvang. Dié blad is nie te koop nie en word net aan 'n uitgesoekte groep meningsvormers gestuur.

### Ons doen huisaflewering op die volgende plekke:

Die PWV-gebied, wat insluit Johannesburg, Pretoria, Verwoerdburg, Midrand, Sandton, Randburg, Roodepoort, Randfontein, Krugersdorp, Florida, Germiston, Alberton, Bedfordview, Kemptonpark, Benoni, Boksburg, Springs, Brakpan, Vereeniging en Vanderbijlpark. In Transvaal is ons ook beskikbaar in die sentrale dele van Witbank en Nelspruit, en in die Vrystaat ook in sekere dele van Bloemfontein. In die Kaapse Skiereiland lewer ons af in Woodstock, Rosebank, Observatory, Mowbray, Claremont, Newlands, Bishopscourt, Wynberg, Kenilworth, Constantia, Tuine, Oranjezicht, Vredehoek, Higgovale en Bellville (slegs sekere dele). **VWB** word ook in Stellenbosch en Somerset-wes afgelewer.

Indien jy twyfel of **VWB** in jou omgewing afgelewer word, moenie huiwer om vir **Lille van der Walt** by (011) 836 2151 te kontak nie.

En as jy buite een van dié streke val, stuur ons **VWB** teen dieselfde koste per pos aan. Vul dié vorm vandag nog in en stuur saam met jou tjek of poswissel aan: **VWB Verspreiding (Laaste Kans)**, Posbus 177, Newtown 2113.



Hierdie is nie 'n kledingstuk wat daarop gemik is om die waardigheid te ondermyn van Afrikaner Christelik-Nasionaliste, ons Manne In Blou, die Voortrekkers, Ruiterswag, Broederbond, Rapportryers en -lesers, die Nasionale Party en sy organe, die NG Kerk en/of ander susters, die FAK, die Vrouefederasie, die Stigting vir Vriendelike Afrikaans, die Konfederasie van Kinderkrans, moeë dog skatryk kabinetsministers, burgemeesters van toilet dorpe, bomplanters, volkstaters en ander oewerbewoners, sweepsaners, Karwatse en ander Husse met Lang Ore, draers van tradisionele wapens en andere met knoppe op hul kieres, hotnats, meelopers en/of handperde van die strugle, Staliniste, Marxiste, antichriste, gestruktureerde anargiste, Roomsse, suurstofdiewe en Kodesa-lieplappers, kulturele flentergatte, Groen en Rooi bullebakke, windbrekers, agterbankers, smartvrate, kamerade en/of gedekonstrueerde kabbaliste of agente van die bewussyn nie. Dit is bloot 'n **VryeWeekblad T-hemp**.

Stuur **VWB** vir my per pos/tuisaflewering aan vir

1 jaar  
 6 maande

Naam.....  
 Adres (aflewering) .....

Adres (korrespondensie) .....

Poskode.....  
 Telefoonnommer.....

Ek wil 'n gratis T-hemp hê  
 Ek wil die *State of the Nation Report* ontvang



# die man in die *middel*

Roelf Meyer is eens deur die media 'n "liggewig" genoem. Maar hy het as minister van Verdediging aansienlike veranderings bewerkstellig en die NP het een van die moeilikste take in 44 jaar op sy skouers geplaas - dié van hoofonderhandelaar om 'n nuwe bedeling daar te stel. **CHRISTELLE TERREBLANCHE** gesels met die jong minister van Staatkundige Ontwikkeling

AS die regering se nuwe hoofonderhandelaar by Kodesa, kloof Roelf Meyer nie hare oor die gebakte pere van die laaste tyd nie - die mislukte poging om 'n onderhandelde skikking te bereik oor 'n interim-regering, die Boipatong-slagting. Hy het immers nou die aand op 'n NP-vergadering gesê 'n verkiesing kom binne anderhalf jaar.

"Ek dink nie dit is prakties haalbaar dat dit vroeër as 'n jaar van nou kan gebeur nie. Dit was by Kodesa II al duidelik dat dit nie dié jaar nog kan wees nie, maar die feit dat ons nou reeds besluit het daar sal 'n tweede sitting dié jaar wees, beteken ons hoop ons sal kan vorder."

Die 45-jarige Meyer praat met die selfversekering van 'n man wat die laaste vyf jaar met rasse skrede in die hiërargie van die NP opgang gemaak het. Sedert sy aanstelling op 39 jaar as adjunk-minister van Wet en Orde in 1986, het hy binne ses jaar gevorder na adjunk-minister van Staatkundige Ontwikkeling, minister van Verdediging en sy aanstelling in Mei as minister van Staatkundige Ontwikkeling.

Met sy eerste kabinetsaanstelling het mense van dié man met die glimlag en die seunsgesig gepraat as Suid-Afrika se eerste "blue jeans law and order boss". Sy ontspanne persoonlike styl staan in skrilte kontras tot die formaliteit van sy voorgangers - onder andere John Vorster en Jimmy Kruger.

Toe die "talks-about-talks" afskop, was hy Gerrit Viljoen, voormalige minister van Staatkundige Ontwikkeling en sy verklaarde mentor, se "aid de camp". In ANC-kringe is gou gepraat van sy bekwaamheid en belangrike werk agter die skerms.

Ondanks sy geskiedenis as gesiene Ruiterswaglid en hoof van die berugte Plaaslike Bestuursrade in die jare tagtig, en ondanks sy toenemende selfvertroue, het sy beeld as die "liggewig-IP" van Johannesburg-Wes, 'n politikus met 'n sagte aanslag en selfs 'n swak teenstander, hardnekkig geklou tot met sy aanstelling in die swaargewig Verdedigingspos.

**TOE HY EINDE** verlede jaar genl Magnus Malan as minister van Verdediging vervang, het die media heelwat te sê gehad. "Can FW's Canary Make Kat Sing?" het die Britse koerant The Independent on Sunday gevra. Die bynaam "Die Kanarie" het Meyer gekry op grond van sy enigste weermag-ervaring - 'n jaar as lid van die lugmag-koor. Die

implikasie was dat hy as 'n vermeende "dove" onder die "hawks" in die SAW kwalik hond haar-af sou kon maak met die hoof van die weermag, genl Kat Liebenberg. Berigte en gerugte van wrywing tussen die twee het regdeur sy nege maande as minister van Verdediging voortgeduur. 'n Dag voor sy aanstelling as minister van Staatkundige Ontwikkeling het hy dit nog kategories ontken.

"Dit was 'n totaal verkeerde aanname," sê Meyer. "Ek sou sê my rekord van nege maande in die weermag spreek van die teendeel. Ek het deurgaans 'n baie goeie verhouding met die hoof van die weermag gehad en ons het in sekere sin baie goeie vriende geword."

Hy gee toe: hul style verskil heeltemal. "Hy is deur en deur 'n militaris en ek 'n politikus. Miskien het ons mekaar juis daarom goed aangevul."

"Ek wil my verstout om te sê ek het baie nuwe idees by die weermag ingedra - juis oor aanpassings by die konvensionele proses."

Dié pogings was suksesvol, onderstreep Meyer. Hy het inderdaad in die paar maande baie braak grond gebreek oor onder meer die toekomstige rasionalisasie van die weermag, hoe daar met die TBVC-lande se weermagte gehandel moet word en volgens hom is ook sowat 80 persent ooreenstemming bereik oor die beginsels waarvolgens Umkhonto we Sizwe ingelyf behoort te word. 'n Groot hulp was sy besondere aanklank met Chris Hani, as MK-hoof, ondanks Meyer se vermeende wrewel teen die kommunisme.

Meyer maak kaspie teen die siening van hom as 'n "dove", maar hy glo ook nie hy is 'n "hawk" nie. "Nie een van die twee sou 'n goeie beeld oordra nie," sê hy geamuseerd. "Eksouliwers sê my visie is om te slaag met onderhandeling sodat ons by 'n punt van 'n volle demokratiese konstitusionele bedeling kan uitkom. My styl om dit te vermag is een van oorreding en oortuiging."

Dat hy genoeg murg in die pype het om die geweldige eise van die proses te behartig, daaraan twyfel nóg sy kollegas nóg sy politieke teenstanders om die onderhandelingsafel. Min sien hom nog as "liggewig".

Vra 'n mens hom watter persoonlike eienskappe hom so ver gebring het, raak hy effens, wel, verlee.

Onpretensieus is hy beslis. Kalm en

berekend, tog spontaan in gesprek. Nederig ook, 'n eienskap waaraan hy persoonlik groot waarde heg. Hy glo sy beste eienskap is sy ontledingsvermoë, die vermoë om 'n situasie vinnig en akkuraat op te som. Maar ja, hy sou graag beter formulering wou aan kweek, in "albei landstale". Soos die meeste Vrystaters glo hy sy Engels skiet soms 'n bietjie te kort.

**MEYER IS IN** Port Elizabeth gebore en het op Ficksburg in die Vrystaat matrikuleer. Sy pa, 'n boer, is dood toe hy 15 was. Hy het aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat in die regte studeer en gou 'n suksesvolle prokureur in Pretoria geword. Hy is in 1971 getroud met Carené en hulle het vier kinders - twee seuns en twee dogters - tussen 9 en 17 jaar oud.

Op 32 jaar het hy Dawie de Villiers as LP vir Johannesburg-Wes vervang en sewe jaar later is hy deur PW Botha in die kabinet aangestel. Verlede jaar het hy en sy broer, Tobie (nou 53), geskiedenis gemaak - hulle was die eerste twee broers wat albei as adjunk-ministers in die parlement dien. Sy broer, 'n boer van beroep, is adjunk van Landbou en Landbou-ontwikkeling in die Ministersraad van die Volksraad. Meyer was toe nog adjunk van Staatkundige Ontwikkeling en van Inligtingsdienste.

Maar nee, daar was geen politieke ambisie in hul ouerhuis nie, sê Meyer, 'n bietjie verbaas oor die vraag. "Hulle was gewone, eintlik eenvoudige boemense. Een ding wat ons ouers ons wel geleer het, was om te weet wat in die wêreld aangaan."

"Ek het altyd 'n natuurlike belangstelling in die politiek gehad - maar in my dae van aktiewe studentepolitiek het ek my gewis nie op 'n politieke loopbaan voorberei nie," sê hy. As regstudent op Kopsies was hy SR-voorsitter en later ook president van die Afrikaanse Studentebond. Met sy toetreding tot die politiek was hy 'n gesiene lid van die Ruiterswag.

Sy politieke mentor, Gerrit Viljoen, het hom glo só opgesom in die vroeë dae van onderhandelinge: "Hy kombineer taktvolle diplomatie met tawwe doelgerigtheid om vir sy oortuigings op te kom."

Nou staan Meyer in Viljoen se skoene - vir hom 'n groot eer en 'n uitdaging. Die grootste struikelblok in die weg van 'n onderhandelde skikking, sê hy, is die verskillende partye se



grondwetlike uitgangspunte - "die NP se aandrang op maksimale afwenteling van mag versus die ANC se beleid van maksimale sentralisasie van mag".

"Tot tyd en wyl ons 'n ooreenkoms het rondom daai verskil, sal daar struikelblokke op die pad wees. En ons sal dit moet oplos, in een of ander stadium."

**HY KRY MINTYD** vir lees, sê Meyer, want hy het letterlik 'n agtien-uur-werkdag. "Dit is een van die beperkings van die politiek." So nou en dan kry hy darem 'n hoofstuk of wat "lekker ligte onspanningslektuur" ingepas.

As sportman het hy vroeër "aan alles deelgeneem, maar nooit ernstig nie". Kom dit by musiek, is Lloyd Webber "taamlik hoog op die spyskaart". En sy heel lekkerste ontspanning, "waarvoor daar bitter min tyd is", is kuier om 'n potjie saam met vriende.

"Vir seker," sê hy as jy hom vra of hy nog blou jeans by die huis dra.

"Ek is 'n ou vir die wildernis. Ek was die laaste twee Desember in Botswana. Dit is absoluut fantasties. Was jy al daar? Ons kampeer en leef wild, en ek skeer nie, sommer so vir twee weke."

Net voor jy begin dink hy is dalk die kabinet se antwoord op die Camel Man, moet jy weer 'n slag dié gladgeskeerde, netjies gedasde man se innemende glimlag opweeg teen sy oortuiging en doelgerigtheid. "In my huidige pos het ek één doel - en dit is om seker te maak dat ons suksesvol is met onderhandelinge. En ek is bereid om alles te gee daarvoor."

'n Mens moenie 'n man op sy blou jeans takseer nie.



# die mite van die mensvreter



Hoe seker kan antropoloë en akademici wees dat mense wel in die verlede ander mense geëet het? Is kannibalisme nie by ons ingeprent as 'n bedekte begeerte om vyande of "ander mense" as "primitief" of "onmenslik" voor te stel nie? In dié week se Groenpraatjies soek Tienie du Plessis antwoorde op dié vrae

DIE pas afgelope Aardeberaad in Rio is natuurlik nie die eerste of 'n unieke optrede deur die mens om sy omgewing te red nie. Voorbeelde uit die verlede is legio, en soms ietwat bisar - ten minste net so bisar soos 'n klomp middeljarige mans wat vroom aan die wêreld verduidelik dat hulle nou gaan saamstaan om die aarde vir ONS ALMAL 'n beter plek te maak.

'n Baie vroeër en radikaler ingryping deur Homo sapiens ter wille van die ekologie, was die Asteke van Mexiko se menslike offers en kannibalistiese gebruike. Dit is die mening van van M Harner, 'n kulturele antropoloog, wat redeneer dat rituele uit die Asteekse godsdiens nie voldoende rede kan wees vir die grootskaalse mense-slagting en (soos beweer word) antropopatie onder dié beskawing nie.

Harner reken 'n geweldige bevolkingsgroeï in die vallei van Mexiko gepaardgaande met 'n vermindering van wilde en getemde diere was verantwoordelik vir 'n tekort aan proteïene - "Large scale cannibalism, disguised as sacrifice, was the natural consequence of this situation." (The Ecological Basis for Aztec Sacrifice. Ethnology 4, 1977)

Die slagting onder die Asteke was verstommend - met die inwyding van die piramied-tempel van Tenochtitlan in 1487 is daar volgens argeologiese bevindings tussen 70 000 en 80 000 mense aan die songod van die Asteke geoffer. Harner en Borah meen dat daar elke jaar tot een persent van die bevolking van sentraal-Mexiko seremonieel om die lewe gebring is. Dit is 'n totaal van 250 000 "gesanksioneerde" moorde per jaar!

Wat is met al dié proteïene gedoen? Harner skets 'n prentjie van 'n Asteekse feesmaal: 'n bredie met tamaties, rissies en die ledemate van die slagoffer (laat dit nie die mond water nie?). Die torso van die offerhande is aan die koninklike dieretuïn van Tenochtitlan geskenk.

Maar dié "ekologiese ingryping" en verrassende kookkuns van die Asteke kon nie die kulturele en virologiese druk van Cortés en sy conquistadores oorleef nie. Vroeg in die 16e eeu het die beskawing van die Asteke die stryd gewonne gegee en vandag baklei volkekundiges en argeoloë oor die interpretasie van die relatief klein hoeveelhede inligting wat oor dié gemeenskap beskikbaar is.

Hoe seker kan antropoloë en akademici wees dat mense wel in die verlede ander mense geëet het? Is kannibalisme nie by ons ingeprent deur gru-verhale uit die verlede (onthou die bekende beeld van die wit jagter in die groot swart pot êrens in donker Afrika?) as 'n bedekte

begeerte om "vyande" of vreemde "minderwaardiges" as "primitief" of "onmenslik" te tipeer nie?

**SELFS VANDAG NOG:** Henry Kissinger vertel in sy boek *Years of Upheaval*, hoe Leonid Brezhnev aan hom gesê het die Chinese tree "kannibalisties" op in die wyse waarop hulle van hul leiers ontslae raak. Dan gaan Brezhnev verder: "... they might well, in fact, be cannibals."

Onlangse "oorlewingskannibalisme" wat gedokumenteer is met byvoorbeeld 'n vliegtuigongeluk in die Andes of hongersnood êrens op die oop see, word nie by dié gesprek betrek nie. Twyfel word egter toenemend uitgespreek wanneer kannibalisme as gevestigde gebruik op ou beskawings afgedruk word.

In Suider-Afrika is kannibalisme ook in die beskrywing van "die ander" gebruik. Wanneer die sendeling Robbert Moffat oor die "Mantatise" berig, word hy as volg aangehaal: "They appeared more rude and barbarous than the tribes farther west, but they were formerly part of the Batlokoa clan of the northern Transvaal." Although their ferocious cannibalism was the outcome of the disorganised state of Basutoland, they and most of the Bechuana clans had the instinct for eating human flesh in their nature. Even the more civilised Batlapin of Kuruman and Litaku ate portions of the bodies of men slain in battle."

Na aanleiding van dié beskrywing en ander blanke besoekers aan die binneland, het daar destyds 'n siening ontstaan dat die bloeddorstige "Mantatise" dalk 'n groep kannibale was wat van sentraal-Afrika na die suide verhuis het. Dit strook natuurlik met die stereotipering van die "donker" mense van die "Kongo", wat eers hul gevangene lekker vet voer voordat die braaivleisvure gestook word.

**WIE IS DIE KANNIBALE** dan? Volgens dr William Arens, antropoloog en skrywer van *The Man-eating Myth* (Oxford University, 1979), is dit die ou in die volgende vallei (indien jy 'n lid is van 'n geïsoleerde, pre-geletterde gemeenskap); in 'n "gevorderde" samelewing sien jy die kannibaal in daardie enkele "onontdekte" gemeenskappe of lande wat nog nie die salwende impak van die Westerse beskawing gesmaak het nie. (Columbus het die woord "kannibalis" afgelei van die naam Karib, soos hy die mense van die Karibiese Eilande genoem het.) In die verre verlede van ander "bekeerde" lande is kannibalisme geleidelik deur die beskawende invloed van die Westerse sendelinge uitgefaseer.



'N 19E EEUSE AFBEELDING VAN 'N SLAGHUIS IN DONKER AFRIKA... DIÉ SOORT PROPAGANDA HET DIE MENSVRETERMITE TOT WERKLIKHEID VERHEF.

Kannibalisme is vandag nog van die eerste verklarende opsies wat gebruik word wanneer argeloe menslike beendere vind wat nie in 'n duidelik herkenbare graf gelê is nie. Soms berus dié wan-verduideliking slegs op 'n dogmatiese geloof in die onbetwisbaarheid van die gebruik, ander kere word die ooreenkomste van mensgemaakte merke op bene van diere en die merke op menslike bene as bewys van 'n maaltyd aangebied.

William Arens kon in sy navorsing geen volkekundige bewyse vind vir die bestaan van kannibalisme nie. Hy wys daarop dat die geloofwaardigheid van mensvreterij in die slag bly sodra die bewering van bloeddorstigheid te na aan die kulturele identiteit van 'n gemeenskap beweeg.

Só is die Romeinse beskuldiging dat Christene menslike bloed in sekere seremonies gebruik het eeue later gevolg deur dieselfde aanklag teen die Jode. Vandag weet ons dat dié beweringe geen feitelike grondslag het nie. Nogtans word die bestaan van mensvreters in pre-koloniale Afrika, Polinesië, Nieu-Guinee en onder die Indiane van die Amerikas as feit aanvaar - wat volgens Arens 'n (nie te subtiele) vorm van rassisme is nie.

**ARENS SKENK OOK** aandag aan die Asteke. Hy wys daarop dat die enigste regstreekse bron oor Asteekse gebruike die verslae te velde van Cortés en 'n aantal van sy conquistadore-kamerade is. In dié berigte is vermelding van mensvreterij slegs as 'n interessante ter syde aangebied.

In een van dié verslae word gesê dat die Asteke self vermoed het dat die Spanjaarde mense eet, meer daar word nie verder uitgebrei nie. Een van Cortés se bevelvoerders het later berig dat hy 'n Asteekse gevegsgroep raakgeloop het wat mielies en gebraaide babas as rantsone gehad het. Hoewel daar nêrens 'n ooggetuie-verslag of werklike beskrywing van kannibalisme is nie, moes Cortés nietemin bewus gewees het van die impak van dié grusaamhede wat hy aan die heersers van Spanje beskryf het.

Dekades later het twee Spaanse priesters Cortés se militêre propaganda in geskiedenis omgeskep. Die stukkie geskiedskrywing - gegrond op gesprekke en belydenisse - het getuig van diep gewortelde afgodediens, sodomie en mensvreterij, veral onder die Asteekse priesters. Nietemin het sommige van die ouer informante vertel hoe die mense, vasgevang in hongersnood as gevolg van die Spaanse beleg, akkedisse, saad, strooi en diervelle verorber het. Vreemde gedrag vir kannibale, nie? Dié priesterlike rekonstruksie van die Asteekse kultuur word vandag nog as geloofwaardige bron geraadpleeg.

Vordering in argeologiese tegnieke het verder bygedra tot die verheldering van hardnekkige mites. In Australië het Michael Pickering bewys dat die begrafnisrituele van die Aborigines dieselfde merke op die bene van mense laat as wat in die verlede en in ander argeologiese gebiede as bewys vir kannibalisme aangevoer sou word. Die oer-Australiërs het die liggaam van 'n gestorwene in die oopte gelaat sodat 'n mate van ontbinding kon plaasvind. Daarna is die vleis met instrumente verwyder en die bene gebreek en begrawe. Soms is die bene van verskeie individue saam begrawe. Die beenmurg is vooraf verwyder, nie om te eet nie, maar as deel van die bederfbare reste van die dooie, om saam met die oorblywende vleis weggegooi te word.

Kannibalisme sal 'n argeologiese en volkekundige strydvraag bly. Die enigste werklike bewys sou die ontdekking van menslike reste in 'n versteende maag of fekalieë wees. Die kans dat dit sal gebeur is egter baie skaars. Tot dan sal die eetgewoontes van jou voorouers jou eie raaskoot moet bly.





Die Silwermyneiland wat nou deur ontwikkelaars bedreig word.

(Foto: Michelle Seffer)

## koalisie *veg vir duin*

Die mense van die Silwermyneiland op die Kaapse Skiereiland wil hul skuivende duin van ontwikkeling red. Kry hulle dit nie reg nie, spoel Vishoek dalk weg, skryf MICHELLE SEFFER

DAAR bly dalk min van die Kaapse Skiereiland se natuurlike omgewing oor as ontwikkelaars hul sin kry. Die jongste bedreiging raak 'n gedeelte van die Silwermyneiland, wat strek van die Silwermyneiland Natuurreservaat tot by Vishoek. Die teiken van ontwikkeling is 'n aansienlike deel van die skiereiland se laaste skuivende duinformasie en die laaste oorblywende rivierstelsel wat betreklik onaangeraak van die bron na die see vloei.

Met die ervaring dat plaaslike owerhede toegee aan aggressiewe ontwikkelaars, het plaaslike bewaaringsgroepe en inwoners 'n koalisie gevorm, die Silwermyneiland Koalisie, om onbeperkte ontwikkeling in ekologies sensitiewe gebiede te beveg. Dié breë koalisie betrek 13 organisasies - van die Natuurlewe Vereniging en die Red Chapmanspiek Aksiegroep tot plaaslike belastingbetalersorganisasies.

Die stryd gaan oor 'n stuk grond

wat sedert 1947 besit word deur die Fish Hoek Land and Estate Company, 'n beslote korporasie. Dit bestaan uit drie standplase - een wat onlangs ontwikkel is as 'n digte behuisinggebied, een wat skoongemaak is vir behuising en die omstrede Sone C.

Die koalisie wys uit dat die ontwikkelaars' vergrootte regte en bykomende grond toegestaan is op die ander twee standplase.

"Destyds het ons gedink hulle kry vergrootte regte in Sone A en B in ruil daarvoor dat Sone C nie ontwikkel word nie," sê die koalisielid en stadsbeplanner Kim Kruyshaar. "Die vraag wat gevra behoort te word, is: Wat kry die gemeenskap in ruil vir die uitgebreide regte wat in 1986 aan hulle toegestaan is?"

**DIE EIENAARS** sê hulle wil net 47 persent van die standplaas ontwikkel. Die boonste deel van die duin sal nie ontwikkel word nie en ook nie die

gebied wat aan die rivier front nie.

Dis nie goed genoeg nie, sê die koalisie. Sone C kan nie beskou word as 'n afsonderlike gebied met kunsmatige grense nie. Dit vorm deel van 'n hele ekosistiel wat die gevaar loop om onherstelbaar beskadig te word.

"Die duinformasie dien as 'n groot spons wat afloopwater tydens 'n swaar reënval absorbeer," sê Andy Gubb van die Natuurlewe Vereniging. "Dit het 'n belangrike funksie: dit stel die water stadig vry oor 'n tydperk van verskeie maande."

Vishoek loop reeds deur onder gereelde oorstromings tydens die gewone winterreënvaltyd. Winkelaars wat hul voorraad verloor, skryf vrugtelose briewe van wanhoop aan die plaaslike koerant. Inwoners vertel mekaar staaltjies oor katte wat op antieke tafels in die gang afgedryf kom.

Die bedekking van die duine-

"spons" met 'n digte oppervlak kan die situasie net verder vererger, sê die koalisie, om nie eens te praat van die besoedelde water wat sal afloop na opvangsgebiede soos die Silwermyneiland rivier nie.

**DIS NIE** waar nie, sê Peter Storey van Mitchell, Du Plessis en Vennote, wat deur die eienaars gekontrakteer is om 'n omgewingsimpakstudie te doen - 'n wetlike vereiste in gebiede wat ekologies sensitief is en toegewys is aan ontwikkeling. Storey sê die kundiges wat in hul verslag gebruik is, het dié moontlikhede deeglik bestudeer.

Op 'n openbare vergadering wat deur die koalisie gehou is, is egter uitgewys dat Mitchell, Du Plessis en Vennote se omgewingsimpakstudie gebreke het. Volgens die Omgewingsevaluering-Eenheid van die Universiteit van Kaapstad, wat dié verslag in opdrag van die koalisie nagegaan het, voldoen dit nie aan die vereistes van 'n omgewingsimpakstudie nie en "kan dit as sodanig, nie erken word as 'n voldoende hulpmiddel vir besluitneming nie".

Waarom het die Vishoek Munisipaliteit ingestem tot die hersonering van 'n natuurgebied? Volgens raadslid Pat Landon, wat die koalisie se vergadering toegesprek het, het die ontwikkelaars 'n vergoeding van R7 miljoen geëis indien die ontwikkeling nie toegelaat word nie, en die munisipaliteit kon dit nie bekostig nie.

**SEAN RYAN** van die ontwikkelingsmaatskappy wou nie kommentaar lewer op dié bewering nie. Kim Kruyshaar sê egter die ontwikkelaar het dit op 'n openbare vergadering verlede jaar duidelik gestel het dat sy regsadviseurs hom gesê het hy het gronde vir sodanige vergoeding.

Niemand wat die koalisie genader het, stem blykbaar hiermee saam nie: nóg die Streekdiensteraad, nóg senior amptenare in die Departement van die Omgewing, nóg die koalisie se eie regsadviseur.

Hulle regsadviseur meen die Vishoek Munisipaliteit het die toestemming tot hersonering verkeerd toegestaan deur nie ag te slaan op die bepalinge van die Gidsplan soos geadministreer deur die Streekdiensteraad nie.

Paul Grey sê droogweg die mense wat bekommerd is oor die omgewing is dikwels beter ingelig as die owerhede. "As die betrokke mense die riglyne korrek gevolg het, het ons nie nou met die paniek-situasie gesit nie," sê hy.

"Groen gordels en toegangsroetes tot die omgewing is lewensbelangrik," sê Grey. "As ons dit nie uit die staanspoor erken nie, dan is ons verlore."

(Michelle Seffer is 'n vryskutjoernalis van Kaapstad)





Ben Dekker... "Ek hoef nie my kop in 'n sementmenger te druk om te weet hoe dit voel nie."

(Foto: Pearlie Joubert)

## ek gaan nog 150 jaar oud word



Onthou jy *Die wildtemmer*, of Gaitisubib in *Die vlaktes duskant Hebron*, of die bebaarde reus wat op 'n tyd as onafhanlike kandidaat teen die destydse leier van die Verenigde Party, sir De Villiers Graaf, vir die Volksraad gestaan het en sy toesprake vanaf 'n kruiswa gelewer het? Dan onthou jy vir Ben Dekker, Groot Ben Dekker soos almal hom ken. PEARLIE JOUBERT het in dié lewende legende vasgeloop op Second Beach naby Port St Johns in Transkei

### GAY ASTRO MATCH

#### VIND JOU LIEFLING STER

Maak seker van onseker afsprake! Met Gay-Astro-Match, is jou sielsgenoot dalk net 'n oproep ver. Ervaar die vertroue en veiligheid van volmaakte karakteraanpasbaarheid. Die tydbeproefde kunde van die Astrologie (nie net jou sontekens nie) is die beste manier om aanpasbaarheid te verseker. Gay-Astro-Match bied jou 'n lys van gepaste nuwe maats asook 'n gratis 40-50 bladsy gedrukte studie van jou persoonlike geboortekaart wat al jou astrologiese data bevat.

MANS Skakel 087-30-00-810  
DAMES Skakel 087-30-00-811

#### BEHOU DIE SPRANKEL IN JOU VERHOUDING

Al is julle verhouding langdurig of pas aangeknoop, sal ons spesiale Astrologiese Aanpasbaarheidlyn julle 'n diepgaande 20-bladsy gedrukte analise van die verhouding gee, wat kosbare insig bied in die geheimenisse van liefde en vriendskap.

MINNAARS Skakel 087-30-00-809  
VRIENDE EN KOLLEGA'S Skakel 087-30-00-815  
**ONTDEK JOU EIE MENSWEES**

Verseker dat jy altyd op die regte oomblik op die regte plek is. Met behulp van die omvattende 40-50 bladsy uitleg wat jy gaan kry, sal jy buitengewone insig kry in dit wat jy ervaar en wat die toekoms vir jou in jou in die maande wat voorlê. Skakel nou en kry beheer oor jou lewe!

087-30-00-814  
PHONE MEDIA 402-1580

Column G3 15 0010

**BEN DEKKER** lewe nog. So tussen die heuwels en die see op Second Beach naby Port St Johns. En hy maak nog so elke dan en wan 'n beeld of skildery. Of hy skryf 'n boek of kortverhaal, of hy vertaal Dylan Thomas se gedigte. En as hy nie een van dié dinge doen nie, vang hy vis, drink bier - so 'n quart Lion op 'n slag - of hy hang net rond en kuier rond, eet omelette by die Vuyani-winkel en rook sy mieliestronkpy. Hy het onlangs eers 'n Transkeise burger geword en dié dag dat ek hom soek, dit was 'n Woensdag, sê sy buurvrou hy't gaan stap maar "hy sal beslis Saterdag al terug wees".

Laatmiddag, met die son en wind oor die see, kom hy aan. Met 'n hoed oor sy oë, 'n strik vol blomme in sy hare en 'n knopkierie in sy hand, Wellington-boots sonder sokkies en vuilerige swart jeans met 'n laag-oopgeknopte hemp...

Ben woon reeds elf jaar lank op Second Beach. Hy weet waar die luiperd in die bosse agter die heuwels lê en dat Sunlight Liquid en bruinsuiker wonde genees. Hy hoor wanneer die gety draai, waar om mossels, kreef en oesters te vind. Hy weet watter plante is goed vir 'n verstopte maag en watter blomme 'n mens moet pluk vir suikersiekte.

Hy is vroeër vanjaar amper 'n dag in die tronk aangehou omdat hy 'n paar Christene met sy knopkierie bygedam het en sê dat hy nooit na mense verlang nie omdat dit inbreuk maak op hul vryheid.

Ben is 51 jaar oud en steeds

ongetroud omdat hy nie sy "kop in 'n sementmenger hoef te druk om te weet hoe dit voel nie". Hy staan pa vir agt kinders, maar nie een is sy eie nie.

Hy't al in 22 rolprente gespeel en as die een of ander filmmaker hom weer gaan gebruik, wil hy die geld gebruik om in Suid-Amerika te reis. Ben het ook onlangs vir hom 'n ander huis begin bou - dié keer waar 'n mens niks anders as die see, die rotse en branders, dolfyne en seemeue van die huis af kan sien nie. Die voetpad na sy nuwe huis het hy self uitgekap en hy't deur die branders geswem met die enorme houtbalke en dit teen die skuinstes uitgesleep om sy huis mee te bou.

Een van die eerste dinge wat Ben by sy nuwe huis gedoen het, was om 'n toilet tussen die bome neer te sit. 'n Toeris het egter 'n paar weke later die toilet met 'n groot klip stukkend gegooi.

Ben toon begrip vir dié vandalisme: "Ek verstaan nou hoekom daai outjie dit gedoen het. Hy sit elke dag in so 'n klein toilet. Nou hoekom moet hy in Johannesburg in so 'n klein cubicle sit en kak? En watter reg het ek, wat nie werk nie, wat nie te veel bydra tot die welsyn van die staat nie, nie belastings betaal en so aan... watter reg het ek om op 'n toilet te sit met 'n uitsig oor die see met my geliefkoosde kreef-duikplek, die tweede beste oesterbedding in die Transkei en die derde beste swart mossels?"

"Hy't natuurlik gedink: Fok jou, jy het nie reg daartoe nie. Toe gooi hy daai klip op my toilet."

Die huis waarin hy die afgelope elf



jaar woon, het hy ook self gebou. Dit het drie vertrekke: 'n kombuisie met 'n groot venster en klein agterdeurtjie, 'n plastiekkom vir 'n wasbak, 'n sitkamer met 'n kaggel, 'n bed, skulpe en stukkies koraal in die vensterbanke, skilderye van Hardy Botha en Braam Kruger teen die mure, poskaarte, 'n paar van sy eie beelde in yster, klei en hout. Ou deurgeloopte mat, 'n groot bank voor die kaggel, 'n tafel vir sy negentien voertsek tikmasjien en ou beduimelde boeke. En dan 'n slaapkamer met 'n bed voor die venster wat winter en somer oop staan. Op die stoep lê hope gereedskap rond, stukke hout, klippe, plante, bossies, kruie en ander goedjies wat oor jare en jare versamel is. En sy toilet is toegegroei deur plante en mos.

**BEN HET IN OOS-LONDEN** in 'n Hollandse huis grootgeword. Sy tweede taal was Xhosa en hy het in Port St Johns kom woon nadat hy "die 50 ander mooi plekke in die wêreld gaan bekyk het vir huisbou.

"Daar is maar net sowat 50 ander plekke oor wat nie oorbevolk, oorbesoedel of oorontgin is nie. Port St Johns was my keuse - die plek is ook nog naby my pa wat op sterwens dood is op 83-jarige ouderdom, maar nog sewentig jare gaan lewe (hy weet dit nog nie) - dit is hoekom ek hier kom bly het."

Ben praat van baie mooi plekke: Nossi Bê in die Malgassiese Republiek, Monki-baai (wat beteken "die eiland met die groot verskeidenheid visse") langs die Malawimeer, die Naiwhisameer in Tanzanië...

Ben het in Grahamstad en aan die Universiteit van Kaapstad, waar hy 'n meestersgraad behaal het, gestudeer. Sels op universiteit kon hy nie in die koshuise aanpas nie en het vir 'n jaar lank buite geslaap. "Ek kon nie by die neonligte lees nie. Toe bly ek maar buite. En sommer omdat dit lekkerder ook was."

Sy eerste film waarin Ben gespeel het, was *Die wildtemmer* van Elmo de Witt. Hy het daarin beland nadat drie ander akteurs nie kon doen wat hulle moes nie. "Een outjie het 'n hartaanval gekry, die ander ou het 'n bosbok se horings deur sy arm gekry en die derde outjie het sy enkel gebreek toe hy op 'n perd probeer klim. Toe vra hulle maar vir my."

Dink hy hy's 'n goeie akteur? "Nee, ek dink nie so nie, want ek het nie genoeg komplekse nie. Om jouself te kan oordeel as goed, middelmatig of kak, moet 'n mens voor die movie of TV sit en dit moenie wees omdat dit nou 'n ander jy daar op die verhoog, TV of skerm is nie. Ek is nie 'n skisofreen nie, ek sit en kyk eerder vir die mooi meisiekind hier langs my."

Hy sê hy het nog nie een van die films of TV-reekse waarin hy gespeel het, volledig gesien nie.

**HY HOU NIE BAIE** daarvan om oor die verlede te praat of te dink nie. Nôú is belangriker omdat dit nuut is. "Hoor jy die M'hleka-mabafasi-voëltjie? Die naam beteken "die geklets van vroue"

- hoor dit klink net soos 'n klomp vroumense."

Hy tik alles wat hy skryf (sowat 12 novelles waarvan nog net vier gepubliseer is) met vyf vingers op 'n stokou tikmasjien. "Iets moet links lê as mens tik - ek tik daarom net met 'n paar vingers. Die ander gebruik ek as uitveërs."

Ben wil ook nooit 'n telefoon hê nie. "Soos ek ook nie 'n blikkeel, 'n maagoorplanting of 'n computerbrein wil hê nie. Vir wat?"

"Maar ek kyk so hier na die koejawelbome wat mos nooit vrek

**"Maar as ek die dag doodgaan, moet dit soos my geboorte wees - 'n lekker surprise. Ons gaan almal dood - so why worry? And death shall have no dominion."**

nie. 'n Mens kan doen wat jy wil - selfs daardie boom," en hy wys langs die rivier af, "wat middeldeur gespleet is, vrek nie en ek sien die akkedisse wat in en uit loop uit die spleet."

Daagliks keer mense Ben voor en stel hulself voor en vra of hy die man is wat in die een of ander flik of TV-reeks gespeel het. Dan lag hy so half en sê ja. En dan sê hulle almal dat hulle in Port St Johns gaan kom woon. Dan lag hy weer so half. "Hier kom baie mense - veral Transvalers - en dan vat dit so 'n week voordat hulle gedekafferneer, soos decaffinated, is en mens word. Dit het al gebeur met 'n paar AWB-outjies wat ook hier was. En dan bid hulle vir al die plaaslike mense en wil hier kom bly en grond koop en hul besighede oopmaak en hul kak hier kom aanvang... Gelukkig kry min van hulle al hul goed bymekaar om so ver te kom en hierheen te trek," lag hy.

Ben praat sag en stadig. So half tydloos. "Ek gaan nog 150 jaar oud word. Mens gaan mos dood wanneer jy wil. En ek wil nie doodgaan nie. Vir wat?"

"Maar as ek die dag doodgaan, moet dit soos my geboorte wees - 'n lekker surprise. Ons gaan almal dood - so why worry? And death shall have no dominion."

**HY SÊ HY'T AL BAIE** foute gemaak. "Ek maak hulle elke dag. Ek staan op en stamp my toon. Dit is die foute wat ek maak. Die ander goed onthou ek nie meer nie. Maar ek weet ek maak hulle. Ek sê maklik ekskuus. Dit beteken mos dat ek baie foute maak? Dit is OK. Die dag as ek ophou foute maak, kan ek maar doodgaan."

Hy woon alleen, maar sê dat hy nog nooit eensaam was nie. Hy sê hy verander baie en dat die een dag altyd anders as die volgende is.

"Verlede jaar dié tyd het ek twee paar skoene gehad - nou het ek net 'n paar Wellingtons."

En hy is lief vir vroue maar hy praat van vroumense. "Mense is eers mense, dan is hulle mans of vroue... en ek kan nie onthou vir hoeveel ek al lief was nie. Ek het net tien vingers. Ek dra nie 'n horlosie nie en my geheue strek terug tot gisteraand - en dit is ook maar vaag.

"Ek wou nog nooit met een vrou trou nie omdat ek nie saam met een wil rou nie. Ek hou nie daarvan om my idees op ander mense te imponeer nie en hulle moet dit ook nie met my doen nie. Ek wil ook nie my persoonlikheid op enige vrou imponeer nie. Die

was om dit te doen. Nee dankie, ek wil niks oorhê nie. Daar is genoeg nuwe dinge wat gebeur. Op dié dag in dié jaar is die skaduwees op die gras voor my uniek. Want volgende jaar gaan die gras anders wees. Die sonlig gaan anders wees omdat julle in Johannesburg die son besoedel met julle computers en high tech... en hopelik gaan ek ook so bietjie anders wees.

"Vir dae lank gebeur niks nie. Dan skielik is daar 'n Phillip Lazarus op die heuwels op 'n plaas hier buite en dan raak ek betrokke. En dan is daar iets wat ek doen."

(Lazarus was die sogenaamde Christen wat Ben met sy knopkierie geslaan het nadat 'n jong meisie van Lazarus weggehardloop het. Die meisie is, soos van die ander vroue wat Lazarus se volgelinge was, na bewering deur hom aangerand.)

Ben se wanderlust is so oud soos hy. Toe hy ses was, het weggeloopt van die huis af en hy het nog nie opgehou stap nie. "Ek het hiernatoe gekom toe ek ses was om weg te loop van die wêreld, vol romantiese idees van seerower word op die Sewe Oseane, fame and fortune. Ek het geryloop hierheen. Dit was in 1946. Ek was sewe dae van die huis af weg en vyf dae hier. My pa en ma het nie na my gesoek nie. Eers toe ek veertig jaar oud was, het ek met my pa oor dié wegloperij gepraat. Hy het toe gesê almal loop weg, toe gee hy my so 'n lang kyk en sê: 'Maar net een keer.'"

huwelik verwag dit van my om my persoonlikheid op haar te imponeer. Ek is te lief vir die teenoorgestelde geslag om so 'n imposisie te maak. Te lief vir mense."

**BEN SÊ HY** kyk nooit terug nie, wil niks oorhê nie en is spyt oor niks nie. "Alles het 'n tyd gehad toe dit reg of verkeerd

**WEN MET DIE ANC**



Bel die "Wen met die ANC" kompetisie en jy kan 'n fantastiese prys wen. Boonop sal die opbrengs van jou oproep meehelp in die stryd om demokrasie.

Een gelukkige persoon wen

**R1 000 KONTANT,**

wat tydens 'n spesiale middagete deur STEVE TSHWETE oorhandig sal word.

Wen een van

**150 T-HEMDE, PERSOONLIK GETEKEN DEUR DIE ANC LEIERSKAP.**

'n Verdere 850 ANC T-HEMDE moet ook gewen word! Om te kwalifiseer as 'n wenner, bel net die nommer hieronder, en los jou naam en adres en jou eie boodskap van solidariteit. Alle weners se name sal in die ANC se maandelikse tydskrif, MAYIBUYE, gepubliseer word.

Bel

**087 30 00709**

Oproepe kos R5,97 per minuut. Gemiddelde duur van oproep is 2,5 minute.

PHONE MEDIA 402-1580

COLUMN AN150053





Overall award winner: Andries Botha: *Sondebokke, Sluipmoordenaars, Seges en Slagoffers*



Norman Catherine  
*Negotiation*



Merit Award: Kendell Geers: *Like a Prayer*.



Merit award: Debbie Bell: *Listening for the Storm*



Clive van den Berg: *First days in Johannesburg II*

# THIS IS A SHAMELESS PIECE OF PR

With sponsorships in the visual arts in a possibly terminal atrophy - compounded in equal measures by crass and often self-seeking mismanagement on one hand and corporate disinterest on the other - the Vita Art Now competition just continues to grow, to adapt and to reinforce its basic credibility as an art showcase. Latterly under the sponsorship of IGI Life - after the withdrawal earlier this year of the AA Life Group - the new exhibition has all the strengths and all the weaknesses of previous Vita shows. On one hand, chosen as it by a kind of critical consensus from what is actually up and running in the greater Johannesburg Galleries, it provides a pretty good cross sectional view of art making in South Africa. On the other, because it focuses primarily on work that has actually come to exhibition, it fails to register artistic undercurrents, and that which is still busy coming into being.

But what the hell, its still there and its still providing incentives and rewards...



# the view on south africa *from taipei*

During the time of international isolation because of apartheid, South Africa forged strong trading ties with another outcast, Taiwan. But did the partners really become friends? **MICHELINE TUSENIUS** reports from Taipei

OF the 29 countries that recognize Taiwan, only South Africa and South Korea carry some weight. It is widely anticipated that South Korea will soon establish official ties with Beijing - a development feared by Taiwanese authorities, who are also concerned about the long-term viability of their official relationship with South Africa.

During his trip to Taipei last November, President FW de Klerk publicly assured the local authorities that South Africa would not switch relations from Taipei to Beijing while he had "any influence in the decision-making process". Foreign Minister Pik Botha reiterated this promise during a visit in March this year.

Despite these soothing words, the perception remains that South Africa's greatly improved international position will have diplomatic consequences for Taipei. Evidence of this is seen in the exchange of "research offices" between South Africa and mainland China this February. The South African government also defends its expanding trade ties with the Chinese mainland by noting that Taiwan itself is doing so.

All considered though, modifying South Africa's anachronistic historical position on China does indeed seem inevitable for a new South African government.

**ACCURSORY LOOK** at South African press coverage of Taiwan suggests a prevailing negative perception of Taiwan. One is tempted to wonder how the people of Taiwan regard South Africa.

Living in Taiwan and learning to communicate rudimentarily in the official dialect, Mandarin, provided an opportunity for this Capetonian to sample prevailing perceptions of South Africa.

The local media has most folks aware that South Africa and Taiwan - or the Republic of China as Taipei likes to be called - have official diplomatic relations. The average person would immediately acknowledge my nationality with an "Aaaah, South Africa! Very good friend of Taiwan!"

In almost the same breath as the acknowledgement of official friendship, local people speak admiringly of South Africa's natural heritage. The South African Tourism Board (SATB) and South African Airways have definitely done a marketing number on

the people of Taiwan. Local environmental degradation has unquestionably also inspired awe of South Africa's physical beauty and abundant wildlife.

(South Africans of course perceive people from Taiwan as highly disrespectful of its environment. They appear to perpetually violate it, whether as drift net fishers or as cynical cullers of baby seals for their purported aphrodisiacal properties. But at least Taiwan people do not have double standards. The egregious environmental crimes committed in others' backyards have long been perpetrated at home.)

**TAIWAN RESIDENTS** have visited South Africa in droves. The SATB records 20 000 visitors from Taiwan to South Africa in 1991, with a 30 percent increase expected for 1992. (Taiwan's population is a mere 20 million.) Most of the travellers to South Africa - 60 percent - were tourists on package tours while the other 40 percent were immigrants in small or medium-sized industries.

In Taipei, one encounters with regularity people who have travelled to South Africa. The owner of a seemingly very humble general dealer where I used to buy my daily newspaper disclosed in passing one day that she had twice visited South Africa. She planned to go again.

A travel agent from whom we bought some air tickets revealed that a major complaint of Taiwan tourists to South Africa is that "the night life is boring" and there is "nothing to do after dinner". Compared to the nightly frenzy of Taipei streets and the range of available recreation forms, the sleepy pace of South African *dorpe* and tourist hotels must indeed be dull and disappointing.

On another occasion, a cab driver announced that his family had a business venture in the Ciskei. Displaying little sensitivity toward different cultural practices, he remarked that the people living in the area of this factory were so poor that "they could not afford to eat with chopsticks; they ate with their hands".

**THE HUSBAND** of a friend's secretary spoke proudly of a recent visit to Pretoria and how he had been wined and dined by various ministries in

their search for investors in Kwa-Ndebele.

South Africa does indeed work hard to attract Taiwan foreign investment. Taiwan authorities in South Africa disclosed in June 1991 that 250 factories employing 40 000 South African workers had already been set up by Taiwan investors.

Yet it is in trade that relations between Pretoria and Taipei are particularly strong and deepening. Bilateral trade expanded to 1,7 billion dollars in 1991.

Considering the severe restrictions facing South African agricultural products, it is rather ironic - or maddening, if one is a South African agricultural exporter - that agricultural goods are the most visible of South Africa's exports to the average Taiwan consumer.

For example, Ceres fruit juices dominate the high end of the pure fruit juices market and are widely available in bakeries and supermarkets. Its closest rival is a Hungarian brand. Appletizer is presently working to establish a niche in carbonated fruit juices. In the heady days of sanctions, Koo canned peaches with bright labels in Mandarin were proudly displayed in local markets. Other South African products such as Liquifruit and Provita are no longer readily available.

Interestingly, the South African presence at this year's food show at the Taipei World Trade Centre was markedly low-key in contrast to previous years. Now that South Africa's prospects have brightened in other markets, the Taiwan market is clearly being worked less. Apparently, the South African Foreign Trade Association is directing its energies elsewhere.

A well-advertised South African food festival also takes place annually at one of the luxury hotels in Taipei. Chefs, traditional dancers and musicians are flown out from South Africa for the occasion.


**YET CULTURAL** connections remain weak. The South African film *The Gods Must Be Crazy* and its sequel were wildly popular here. But this would be the sum of exposure to South African culture.

Certainly, there is general awareness of South Africa's racial problems. Casual commentary would typically refer to perceived deep hatred between black and white South Africans.

The violence of South African society would invariably also be noted in such situations. Yet with hindsight, opinions - or questions for that matter - on the topic of race in South Africa were usually only presented when there was great familiarity.

The generally upbeat impressions of South Africa are in stark contrast to the commonly negative views that South Africans have of Taiwan. A future South African government switching diplomatic recognition to Beijing will be deeply humiliating for Taipei and will deal the warm regard for South Africa a severe blow.

(A former resident of Taipei, Micheline Tusenius is a South African who will soon be moving to Beijing.)



Taiwan, 'n eiland van 13 885 vierkante myl naby die suidwestelike kus van China, het 'n bevolking van 'n raps oor die 20 miljoen. Die hoofstad, Taipei, huisves 2 575 000 mense. Die 'n eenparty-regering is die laaste paar jaar onder groot druk is om 'n demokrasie te vestig.

Taiwan het in 1949 wegebreek van China, toe dié 'n kommunistiese staat geword het. Sowel Taipei as Beijing beskou Taiwan as 'n integrerende deel van China, maar Taipei het tot dusver Beijing se pogings tot hereniging onder kommunistiese beheer weerstaan. Die Amerikaanse regering het op 1 Januarie 1979 diplomatieke bande met Taiwan verbreek, nadat dit op 15 Desember 1978 Die Republiek van China (Rooi China) erken het. Van 1949 tot 1987 was Taiwan onder krygswet.





BOSNIË-HERZEGOVINA - 'n Skerpskutter, kodenaam "Arrow", laai haar geweer in 'n veilige wegkruipplek in Sarajevo. Die 20-jarige Serbiër wat lid is van Bosniese magte, word as een van dié weermag se beste twee skerpskutters beskou. Sy sê sy weet nie hoeveel mense sy al doodgeskiet het nie. Die gewese joernalis behoort aan 'n groep van vier mense wat 'n losprys van 500 000 Duitse mark op hul koppe het - die enigste vereiste is dat hulle dood moet wees. (Foto: AP)

# RUSHDIE STEEDS IN GEVAAR

TEHERAN - Ondanks die oorwinning in 'n die onlangse verkiesing oor die onbuigsame Islamitiese hardliners, het Iran se parlement dié week weer eens bevestig dat die doodsvonnis van Salman Rushdie nie opgehef gaan word nie.

"Dis alle Moslem- en Hezbollah-magte in die wêreld se plig om die fatwa (godsdienstige edik), in Februarie 1989 uitgereik deur die Ajatolla Ruhollah Khomeini, na te kom," lui 'n petisie wat deur 170 parlamentslede onderteken is en dié week amptelik gepubliseer is.

"Die geskiedkundige fatwa van die Imam sal onveranderd bly so lank soos die Koran bestaan en daar Moslems in die wêreld is," volgens die petisie.

Dit is die eerste keer dat die nuwe Iranese parlement - wat in April en Mei met 'n oorweldigende meerderheid vir die pragmatiese beleid van pres Ali Akbar Hashemi Rafsanjani verkies is - sy standpunt oor die Rushdie-aangeleentheid uitspel.

'n Iranese stigting het 'n losprys van \$2 miljoen op Rushdie se hoof geplaas. - AFP

## die aarde *skud die wetenskap*

Die geoloë is heeltemal onkant betrap deur Sondag se aardbewing in Kalifornië, skryf CHRISTOPHER HINES

YUCCA-VALLEI, Kalifornië - Die ontdekking vandeeweek deur geoloë dat die kragtige aardbewing wat Suid-Kalifornië Sondag getref het - en 'n kind gedood en meer as 350 mense beseer het - veroorsaak is deur 'n klein en voorheen onaktiewe breuk in die aardkors, die Emerson-breuk, het talle vrae laat ontstaan oor die moontlikheid van toekomstige aardbewings in dié staat.

Groot onsekerheid bestaan nog oor die Groot Skudding wat een of ander tyd gaan toeslaan op die gebied langs die San Andreas-breuk, wat deur San Francisco sny.

"Ek dink nie enigeen van ons hier het gedink 'n aardbewing van 7,4 op die Richterskaal is moontlik hier in die Mojave-woestyn nie," sê Arthur Sylvester, professor in geologie aan die Universiteit van Kalifornië in Santa Barbara.

"Ons het nou 'n paar bekommernisse wat ons nie tevore gehad het nie," sê die wetenskaplike, wat saam met kollegas honderde kilometer klipwoestyn ondersoek en die breuk se bewegings met infrarooi toestelle gemeet het.

Die Emerson-breuk is sowat 70 km lank en strek na die noordweste, parallel met verskeie ander breuke wat ewe groot is. Dit het die aardbewing voor sonop by Landers veroorsaak,

maar nie die tweede skudding (Richterskaal: 6) wat Big Bear Town, sowat 50 km weswaarts, getref het nie.

Geoloë het voorheen gemeen die Emerson-breuk is onaktief, sê Roger Bilham, 'n Britse geoloog wat klasgee aan die Universiteit van Colorado. "Dit wys jou jy kan 'n 7,4-aardbewing kry van 'n breuk wat nie eens op jou gevaarlys is nie."

Bilham het Maandag vasgestel dat die Emerson-breuk se wande steeds skuif in 'n tempo van 6,2 cm per dag.

"Dis verskriklik," sê hy.

'N MAGTIGE ENERGIE is in die breuk opgesluit en het Maandag nog duisende ná-skuddings veroorsaak, sommige tot 5,4 op die Richterskaal. Enkele brande en strukturele skade aan geboue is aangemeld ná dié skuddings, maar niemand is beseer nie.

Draadheininge en paaie oor die breuk het stukkend geskeur en van 3,5 tot 6 meter verskuif. Sulke verskuiwings het nog nie in Kalifornië voorgekom sedert die verwoestende San Francisco-aardbewing van 1906 nie, sê geoloë.

Op een plek het die breuk oopgeskeur onder 'n kragmas wat 'n 280 000 volt kragdraad ondersteun. Die kragmas het erg gebuig en twee van die vier bene is 'n meter hoog

opgelig. Onder die kragmas het die aardbewing 'n skeur van 3,5 meter breed in die aarde veroorsaak wat 16 km ver strek tot onder in die woestynvallei.

Ondanks die menslike lyding wat die aardbewing veroorsaak het, is die geoloë opgewonde oor hul ondersoek van al die krake en sywaartse breuke wat dit in die klipwoestyn veroorsaak het.

"Dis vir ons een van die belangrikste gebeurtenisse van die eeu. Dié soort ding gebeur nie dikwels nie," sê Kerry Sieh van die Caltech Universiteit in Pasadena wie se navorsing in die verlede gelei het tot die teorie dat die San Andrea-breuk eendag 'n enorme aardbewing gaan veroorsaak.

Die meeste geoloë sê dis nog te

vroeg om te sê hoe hul huidige navorsing die voorspelling van aardbewings in die gebied gaan raak. Hulle is egter seker dat Sondag se aardbewings hul energie verkry het van die kontak tussen die tektoniese plate van die Stille Oseaan en Noord-Amerika wat in 'n tempo van 5,5 cm per jaar verby mekaar skuur.

Hoewel die wetenskaplikes hoop dat die jongste aardbewings die druk op die San Andreas-breuk verlig het, waarsku hulle dat die skuddings net sowel daarop kan dui dat 'n gevaarlike veer in die aardkors al hoe stywer opgewen word.

"Dit stel waarskynlik die dreigende verwoesting langs die San Andreas-breuk net 'n bietjie langer uit," sê Bilman. - AFP

## MEER AS 500 000 HET AMPTELIK AIDS

GENÈVE - Die getal Aids-gevalle wat amptelik by die Wêreld Gesondheidsorganisasie (WGO) aangekondig is, het die halfmiljoen-kerf verbygesteek, volgens die WGO se kwartaalverslag wat dié week uitgereik is.

Volgens dié verslag is 501 272 Aids-gevalle deur 162 lande aangemeld.

Met die inagneming van die onderskatting en traagheid van lande om gevalle aan te meld, het die WGO bereken dat meer as 2 miljoen mense die siekte het, insluitende 500 000 kinders. Volgens die WGO is 10 miljoen mense HIV-positief.

'n Duidelike geval van onderskatting, sê die WGO, is in Suidoos-Asië, wat net 332 gevalle aangemeld het. - AFP



# the apartheid chickens come home to roost

conversation piece  
by JAY NAIDOO

THE other day my cousin got fired at - fired at five times. One of the bullets went astray, the others, the four others, got nicely to their target. But not quite nice enough: one entered his leg, the other his arm and two others his belly. Yes, he is alive and is getting well. Now my cousin, just past his mid-thirties, is a gentle father of three, a really pleasant fellow and generous to boot. If our planet earth were filled with more of his ilk, the world wouldn't be half a bad place. Yes, pleasant fellow to be sure but rich - rich, that is not by Oppenheimer standards, but by the standards of a medium-sized super-market owner. He drives a near-new Mercedes Benz and lives in a sumptuous house, his wealth, though discreet, is obvious, but it wasn't his car or his house or his wallet, for he was carrying no money on him, that brought on his misfortune. No, it was his other vehicle, his business vehicle, his minibus, his Kombi.

My cousin's brother (my other cousin, in fact) said that the family when they heard of the attack had been shocked and angered. 'Criminality', he claimed - and he's not a mean fellow either - 'was bad in South Africa' and that it was going to get worse. 'You see, this country has become soft on criminals. Prisons nowadays have become as comfortable as hotels, I mean, going to prison today is like going for a holiday. They say, with high unemployment it's the economy to blame, but this is not the first time the economy is bad and yet there wasn't this sort of criminality before!' Friends of the victim uttered their concern too: 'Some of these guys need to be blown away.'

Yes, the cool voice of vengeance always froths over with wisdom. Build more prisons, make them harsher, sentence swifter and longer, and hang them quicker and higher and, Bob's your uncle, you've got your criminality problem good and licked for good and all. Well, that at least is how the street philosopher theorizes. But sad and woeful experience, the world over, teaches, of course, another lesson: punishment, no matter how severe, does not prevent crime and certainly does not eliminate the problem of recidivism. But then when did gut philosophy have ears. Although my cousin happens to be right on one point: crime is on the increase. In the Randburg police district (covered by the police stations of Alexandra, Sandton, Halfway House, Bramley, Linden and Randburg) vehicle hijack thefts have gone up from a 1989 figure of 325 to a 1990 figure of 449.

Soft on criminals? All right, what of this bastard that shot my cousin for a measly minibus? Does he merit being 'blown away'? If he could be interviewed, we might just be able to determine whether he be critter or monster? But since that is not possible, let us try to see the attack, the evil deed, from his point of view.

The minibus is quite evidently a wonderful sale commodity. The market for it is, now that blacks have had to solve their own transport problems in their own makeshift way, bottomless; that is, the back-door market, for few

blacks can afford to pay what is normally and so onerously charged for these vehicles, whether new or secondhand. So where there is a demand, the iron law of the free market, provides a supply - a ready supply. Like ivory demand breeds its poachers, minibus demands breeds its hijackers - remember Shannon van Zyl, the lady, the mother of fourteen month old Derrick, who got two bullets lumped into her jaw for possessing a new white Volkswagen minibus? Yes, it's a sad and lamentable fact but Mrs Van Zyl and my cousin's shootings were a mere matter of supply and demand.

But I hear the howl of protest: Peoples lives are at stake here! Yes, indeed, lives are at stake. And it is a pretty pass we're in if the worth of a life, of a fellow human being, is adversely balanced against a mere concoction of metal, rubber and plastic. And yet this is where we are. Why does our hijacker - the one that shot Mrs Van Zyl is believed to be in his early twenties - bear such scant regard for the lives of a pretty mother and a gentle father? Well, if you think about it, the majority of South African lives for years and years have counted for nought. 'Oh, he's just a kaffir' has been and is a fabric of this country's ethos, an element of its laws and a constituent of its repressive system. Look at the daily, the recurring, the scandalous violence on the trains. Isn't that the politics of scant regard for black lives (in its subversive form, of course) wantonly at work? Isn't the whole history of apartheid an exercise on how to disregard, discard and discount the lives of black people. Cheapening and dismissing the lives of one set of people by another was a South African way of life. I remember in the early sixties two white policemen telling a stabbed African lying prostrate and bleeding in a Braamfontein gutter: 'Haai kaffer, moenie hier sterwe nie, jong!' The trouble is the callous disregard of life can be infectious. So when our hijacker sets out in the morning to fulfill his quota of minibuses, he has to consider that he will in the course of his duties have to terminate the lives of a certain number of people. And if he has qualms about this, his overseers or his employers, I'm sure, tell him: 'Oh, he's just a Coolie or, she's just a Boer'.

Yes, it's lamentable but all too logical that the doctrine and outlook of, 'he's just a kaffir' can be so easily transmissible. And, perhaps, all we are witnessing is the spread of the contagion. My cousin was right on another point, too: things will get worse.

Jay Naidoo is a Pretoria-born South African who has been in voluntary exile since 1964 and has been back in the country since December 1991. He is also the author of *Tracking Down Historical Myths: Eight South African Cases* (AD Donker) and *Coolie Location* (Taurus).

# dis lankal nie meer all england nie

sê TIM SANDHAM in dié week se Sportrubriek

JEREMY BATES se goeie vertoning op Wimbledon het die aandag gevestig op die armoede aan goeie Britse tennisspelers. Sy uitskakeling van onder andere Michael Chang (die wêreld se nommer 7) en Thierry Champion het geen aanduiding gegee dat hy diep in die 100 op die wêreldranglys geplaas is nie. Tog is hy Brittanje se voorste speler.



Ongelooflik soos dit mag klink, is hy die eerste Britse speler sedert Buster Mottram (hy met die beweerde neo-Nazi-verbintenis) om die vierde ronde te behaal. Maandag was dit so hittete of Bates het vir Guy Forget ook uitgestof. Het hy daarin geslaag, sou hy die eerste Brit in 19 jaar wees om die Wimbledonse kwarteindrondte te behaal.

Die Britse vroue - met die uitsondering van Jo Durie - vaar nie juis veel beter nie. Hulle het laas in die sewentigerjare opslae gemaak. Sue Barker het gereeld die laaste rondes van toernooie behaal en Virginia Wade se Wimbledon-sege in 1975 was die hoogtepunt van die era.

Daar is nie 'n goeie verklaring hoekom die Britte nie goed vaar in die internasionale tennisarena nie. Met 'n bevolking van om en by 55 miljoen moet daar sekerlik 'n paar tennisspelers van gehalte êrens skuil. Frankryk se bevolking is ongeveer dieselfde maar beskik oor veel beter spelers soos Forget, Champion en Leconte.

Dit kan nie die klimaat wees nie omdat Swede (met 'n bevolking van 6 miljoen) met baie slegter weer en minder grondgebied gedurig nuwe spelers lewer. Die argument dat dié rits goeie spelers die nadraai is van Bjorn Borg se popularisering van die spel, is slegs gedeeltelik waar. Die Duitsers (Becker, Stich, Kuhnen), Nederlanders (Krajicek, Koevermans, Haarhuis) en Spanjaarde (Brugera, Emilio en Xavier Sanchez) het nie die motivering van 'n onlangse nasionale held nie. Bowendien is grasbaantennis 'n spel wat in Brittanje ontwikkel het en is die Wimbledon-titel (Die All-England Lawn Tennis and Croquet Club-kampioenskap) tennis se grootste prys. As dit nie groot genoeg aansporing is nie, wat is?

**DIE PAS AFGELOPE** Afrika-spele sou amper ongemerk verbygegaan het as dit nie die geleentheid was waarmee Suid-Afrika sy hertoetreding tot internasionale atletiek gemaak het nie. Danksy Nigerië en Kenia se swak spanne het Suid-Afrika goed gevaar. Die oes van meer as 40 medaljes (die meeste deur een land) is maar 'n hol oorwinning.

In die boek *Lords of the Rings* word 'n skreiende aanval op die Internasionale Olimpiese Komitee geloods. Daar word beweer dat alles en almal deur die IOK gemanipuleer word met die uitsluitlike doel om die grootste moontlike winste te bewerkstellig.

Dieselfde geld die top-atlete. Katrin Krabbe kan oor die 4 miljoen mark verdien indien sy goed vaar in Barcelona. Die middel- en langafstandatlete van Afrika kan miskien nie só goed vaar nie, maar die materiële belonings is daar. Hulle het almal deur middel van atletiek die status en veral die geld verdien om te ontsnap uit die neerdrukkende armoede van hulle geboortelande. Is dit onredelik van hulle om die rug te keer op die kontinent van hulle herkoms? Is atletiek nie 'n sport waar atlete uiteindelik teen hulself meeding nie en waar dit nie om span of nasionale trots gaan nie? Sou 'n atleet iets groots kon bereik sonder die infrastruktuur en geleentheid wat sy land hom bied? Is die atleet nie in daardie opsig iets aan sy land en burgers verskuldig nie?


Moontlik oorskadu die Olimpiese Spele alle ander oorwegings op dié tydstip en is die tydsberekening en plasing van die Afrika-Spele ongeleë. Hopelik sal die afwesigheid van eksterne faktore volgende jaar bydra dat die Afrika-spele (waarskynlik in Durban) 'n byeenkoms is wat meer verteenwoordigend is van die kontinent se atletiekkrag.



# die olimpiese spele: die crack van die massas

Die volle vloedgolf van massa-verslawing sal ons binnekort per satelliet tref, maar die gevaartekens van wat die Olimpiese fantasie aan 'n mens kan doen, is al duidelik, sê JOHANNES BRUWER

Die Katedraal van Sport in Barcelona



**GEORGANISEERDE** sport het georganiseerde godsdiens lankal vervang as die kokaiën van die massas, maar internasionale isolasie het Suid-Afrikaners 'n hele paar dekades weggehou van die mees gekonsentreerde vorm van dié dwelm - die crack van sport, die uiteindelijke ekstase, die Olimpiese Spele (OS).

Die volle vloedgolf van massa-verslawing sal ons binnekort per satelliet tref, maar die gevaartekens van wat die OS-fantasie aan 'n mens kan doen, is al duidelik. Kyk maar na die droomsmouse op TV - eens doodnormale aanbieders, nou onnatuurlik ernstige bekeerlinge van OS wat ywerig werk om met kort (maar listig herhalende) voorsmaak 'n aptyt vir dié dwelm by kykers te wek.

Sport is die universele taal, fluister die fakkeldraers van OS terwyl die Olimpiese sirkels ikonies oor die TV-skerm sweef (eerbiedig gevolg deur die vaandels van die Deugsame Borge).

Sport is die band wat alle mense bind, dreun die sendelinge van OS terwyl 'n koor van spreiligte 'n hallelujagloed werp oor die magies wedergebore, tegnologies mees gevorderde Katedraal van Sport in Barcelona.

Sport is die spieël van die mens se bestaan, jubel die dissipels terwyl OS-beeldflitse dit beaam: die konflik tussen mens en natuur, tussen mens en mens, tussen gees en vlees, tussen wil en werklikheid - als word weerspieël in OS. In volkleur en selfs onderwater.

Dis kommerwekkend hoe gou dit vir jou begin sin maak (gewis 'n voorteken van verslawing). Jy dink nog jy kan die TV afsit, dan oorrumpel die OS-mitologie jou. Die gekonsentreerde eenvoud daarvan is die krag: dit klim in jou bewussyn en omhels jou argetipes.

Voor jy jou kom kry, begin jy die OS-flitse verwar met jou herinneringe - is jou eie lewe nie ook maar, soos dié van OS se martelaars, 'n ewige stryd tussen pyn en ekstase nie?

**DWELMS TROOS** deur 'n skyn van sin te gee aan 'n sinlose werklikheid. As massa-dwelm werk OS baie soos georganiseerde godsdiens: dit gee 'n simboliese betekenis aan die groot bron van pyn - die gedurige en wêreldwye konflik tussen mense weens botsende materiële en ideologiese belange.

Dié eindelose ou stryd het vele vorms - van gewone mededinging tussen sakelui (die een se sukses is die ander se ondergang) tot bloedige

oorlog tussen groepe mense.

Soos georganiseerde godsdiens maak OS die pyn van dié konflik draagliker deur lyding heroïes in te kleur: wie volhard in die stryd, word beloon. Die beloning se waarde word gemeet aan die inspanning en pyn wat die stryd verg - sodat selfs intense lyding sinryk kan wees. Vandaar godsdiens en OS se bewondering vir martelaars (hoewel net suksesvolle martelaars): die heilige Sebastiaan met 'n lyf vol pyle; die OS-duiker wat ondanks gebreke bene ná 'n mislukte duik vasbyt in die geloof - om vier jaar later die apoteose van 'n goue medalje te bereik.

**TOE MARX** georganiseerde godsdiens (iets heel anders as persoonlike geloof) die "opium van die massas" genoem het, was die magtige OS nog nie daar nie. (Marx is in 1883 dood, die eerste moderne OS is in 1896 in Athene gehou.)

Sy kommer dat die heersende burgery godsdiens ideologies misbruik om die ongelyke status quo van die kapitalistiese bestel te regverdig en te beskerm was begryplik in die konteks van sy tyd. Voor die elektroniese era was godsdiens die massa-medium wat waarskynlik die grootste aantal werkers bereik het.

Marx se beswaar teen georganiseerde godsdiens was dat dit die oorsake van maatskaplike konflik toeskryf aan onsigbare, onveranderlike magte buite die mens - en so die sigbare, veranderbare oorsaak daarvan verskuil: 'n ongelyke maatskaplike bestel gegrond op materiële mededinging tussen enkelinge, groepe en klasse wat hulle nie met mekaar se welvaart vereenselwig nie.

Deur die oorsake van maatskaplike konflik buite menslike beheer te plaas, het Marx gemeen, verskans georganiseerde godsdiens die bevoorregte posisie van die heersersklas: dit help om te keer dat die werkersklas maatskaplike ongelykhede aktief takel deur die samelewing se struktuur tot hul voordeel te probeer wysig.

Georganiseerde godsdiens maan: die maatskaplike orde (ongelyk ofte nie) is ingestel deur God, nie deur mense nie. Die uitgebuite werkers moet hul lot aanvaar: hul utopie k.y hulle in die hiernamaals, nie deur 'n revolusie hier op aarde nie.

**BAIE MENSE** meen oubaas Marx se insigte moet maar saam met Oos-Europa se kommunale badwater uitgegooi word. Tog spook sy "opium"-

gedagte by 'n mens as jy kyk na die massa-bemaking van OS en die erns waarmee die media 'n mitologie daarom weef.

As die kapitalisme werklik 'n ideologiese opium nodig het om die konflik te besweer wat materiële mededinging wek, dan kon OS nie op 'n beter tyd gekom het nie. Die opkoms van die moderne OS-mitologie - met die paradoksale boodskap dat mededinging mense nie verdeel nie, maar juis wêreldwyd verenig - val min of meer saam met die beroemde "dood van God" (die dogmatiese God van georganiseerde godsdiens) in die laat negentiende eeu.

OS oortref boonop godsdiens as jy 'n ideologiese hulpmiddel soek om mense te oorreed om 'n samelewing te aanvaar waarin hul oorlewing afhang van mededinging met mekaar. Pleks van mense omslagtig te probeer onthef van die blaam vir maatskaplike konflik deur dit toe te skryf aan bose magte, vel OS eenvoudig geen morele oordeel oor konflik nie. Menslike konflik word onbevraagteken aanvaar as 'n natuurgegewe - en boonop wenslik.

Mededinging met ander is nie "selfsugtig" of "boos" nie: intendeel, dis 'n heilsame proses wat mense aanspoor om hul vermoëns te ontwikkel.

**NATUURLIK IS OS** nie uitsluitend 'n kapitalistiese ritueel nie - die voormalige kommunistiese lande het immers ewe ernstig deelgeneem. Die OS-teater het 'n skynbaar universele trefkrag omdat dit net die handeling van konflik uitbeeld - fisieke mededinging tussen enkelinge en spanne - sonder om dit verbaal te vertolk in 'n verhalende konteks vol abstrakte begrippe wat tot meningsverskille kan lei, soos godsdiens en ander ideologieë.

OS boei alle mense wat konflik ervaar, ongeag die bepaalde maatskaplike oorsake daarvan. Wêreldwyd heg mense hul eie konteks aan die basiese OS-konflik, lees hulle hul eie lewens daarin.

Tog val dit op watter vleiende spieël OS veral bied vir die kapitalistiese stelsel van vrye mededinging. (Sou die geldbase dit andersins so ruim en gretig borg?) As massa-dwelm skakel OS al die kwellende nuwe-effekte uit wat godsdiens potensieel op die

kapitalistiese etos kan hê (al word dit hoe versigtig toegedien).

**GEORGANISEERDE GODSDIENS** impliseer byvoorbeeld, al vermy dit enige aanstoot aan geldbase, dat selfsug 'n bose eienskap is. Dit is 'n verleentheid vir die kapitalisme se kampvegters, wat selfsug as 'n deug beskou: die dryfveer van die vrye mark. OS herstel die ego in ere as 'n heroïese kragbron: die persoonlike wil om te wen gee die held deursettingvermoë.

Hoewel georganiseerde godsdiens die maatskaplike oorsake van konflik vermom, impliseer dit nietemin ook dat konflik boos is - en boonop 'n tydelike gebrek in 'n wêreld tydelik gebroke deur sonde. Die siening (ironies soortgelyk aan Marx s'n) is dat 'n verdeelde mensdom histories op pad is na 'n harmoniese, herenigde bestaan: 'n konfliklose utopie op aarde is God se uiteindelijke doelwit.

Dié siening is potensieel subversief vir die kapitalisme. OS herstel konflik in ere as 'n vaste, noodsaaklike instrument van vooruitgang. Die permanentie van konflik as natuurgegewe word uitgedruk in die vaste, reëlmatige siklus waarin OS se ritueel van konflik plaasvind.

Dié herhalende siklus van konflik is nie stagnant nie, onderstreep OS se ererol van stygende prestasies: telkens stel die sportlui nuwe rekords op. Het die wonders wat die ego kan verrig geen perke nie? Nee, laat OS blyk: so heilsaam is mededinging dat dit die liggaam gedurig aanspoor tot steeds groter hoogtes, hoogtes wat weer oortref sal word deur steeds strawwer mededinging.

Dié evolusionêre stimulus van mededinging word weerspieël in die OS-tegnologie: verlede keer kon die kameras nog nie swem nie, nou kan hulle al. Wat die menseliggam in OS geld, geld natuurlik ook die verbruikersprodukt: alleen kompetisie verseker voortreflikheid.

Visioenêre, wees gewaarsku deur OS: Wie konflik en mededinging in die omgang van mense wil uitskakel, sal die mensdom geen guns bewys nie, maar verdoem tot agteruitgang.

En as jy twyfel dat al hoe intenser konflik al hoe sneller vooruitgang bring, kyk maar in watter oogwenk is gevorder van die masjiengeweer na die atoombom.





Skets uit: *Bome en struik van die Witwatersrand, Magaliesberg en Pilansberg*, deur Joan van Gogh en John Anderson

Jy hoef nie 'n Namakwalander te wees om in die kring van die witgatdrinkers te sit nie. Plant jou eie witgat in jou eie tuin en sit waar jy wil.

Die witgat (*Boscia albitrunca*) is een van daardie bome wat so te sê op enige plek in enige geweste groei. Namibia, Namakwaland, die Karoo, Botswana, Natal, Transvaal, Natal... Dié vet, stewige immergroen boom van om en by die vier meter hoog met 'n goedgevormde kroon, dra klein, geel, kroonblaarlose en welriekende blommetjies (Augustus tot Oktober, of na die eerste reëns) wat deur wildsbokke opgesoek en afgevrete word.

Dis egter nie net die witgatblommetjies wat van waarde is nie, elke deel van die boom staan in diens van mens en/of dier.

Die blare is uitstekende voer vir wild en vee. In droogtetye as weiding en voer skaars is, sny die boere dikwels die takke af as voer vir hul diere. In Namibia is die gebruik om halfpad deur die witgat se stam te saag sodat die boom afgebuig kan word om die blare binne die honger herkouers se bereik te bring. Nuwe lote groei vinnig uit die beskadigde deel en verskaf 'n verdere voedselbron.

Witgatwortel, gerooster en gemaal (met of sonder Cremora), is 'n goeie plaasvervanger vir koffie. Die gedroogte wortel word ook fyngestamp om 'n soort pap van te maak.

In Botswana, sê Palgrave, is die stamme van ou bome dikwels hol en reënwater word daarin opgevang ten bate van die Boesmans.

Gepekde witgatblomknoppe word ook in die plek van kapers gebruik.

Maar dis nie die einde van dié boom se deugde nie.

'n Koue aftreksel van die blare word gebruik om inflammasie in die oë van beeste mee te behandel en 'n brousel van die wortel om breuke mee te dokter.

Witgathout is swaar en taai, maar word net gebruik om gebruiksartikels soos lepels en papspane van te maak. In sekere gebiede is dit 'n taboe om die hout te brand - dit lei daartoe dat koeie net bulkallers het. Daar is ook 'n geloof dat as die vrugte van die witgat verdroog voordat die boermannanna ryp is, 'n misoes onafwendbaar is. Die meeste Afrikane beskou die droogtebestande witgat as 'n magiese boom wat nie afgekap mag word nie.

Daar is gelukkig geen taboe op die plant van 'n witgat nie.

RYK HATTINGH

Lees: Keith Coates Palgrave se *Trees of Southern Africa* (Struik)

# FYN PROE NETTIE PIKEUR

## BLOMME IN DIE SWARTPOT ROOIWYN IN DIE REËN

STOM van verbasing staar ek na my geliefde vrind uit Transvaal. Hy staan in die voordeur met vier enorme bosse waterblomme in koerantpapier toegedraai. Hy sê hy weet nie hoe om die groente gaar te maak nie.

Ek het gedink almal kan waterblomme kook. Jy kan hulle natuurlik net so in water opkook, ja, maar dit gaan nou 'n vermorsing wees. Vrind Simon word moeg van in die deur staan en aangehaal word asof hy 'n poelak is, en hy druk die bos druppelende blomme in my arms, skuur verby kombuis toe en maak 'n bottel rooiwijn oop.

Dis Juliemaand in die Kaap, en Simon sê die reën dryf hom na sterk drank. Almal voel so, skink vir my ook 'n glasvol in, sê ek rustig, dan maak ek vir jou waterblommetjebredie vir middagete, en ons dink somer nog 'n paar ander resepte daarvoor ook op.

Laat my eers sien hoe lyk die goed regtig, sê Simon, en ek verduidelik dat hulle topklas is, vars en jonk, nog heeltemal groen met net hier en daar 'n witgeel blaar wat sê dié besondere blom is al bejaard, maar kan nog geëet word. Ek waarsku Simon dat 'n behoorlik gekookte waterblom wat nog 'n bietjie tekstuur het, dikwels vir my lyk soos daai weird insekte wat op Johannesburgse grasperke uitkom. Parktown prawns, bedoel jy, sê Simon, en toe praat ons nie verder daaroor nie.

Wat ek bedoel het, is dat jy nie waterblomme papsag moet kook nie. Hul geur is fyn en jy wil darem nog 'n crunch tussen jou tande hê. Daarenteen moet die vleis wat jy daarby kook, murgsag wees, en daarvoor gebruik jy lamsnek, not my favourite, goeie tjops - ditto, te duur - maar 'n paar goeie lamskneukels, sowat 'n kilo op twee groot bosse waterblomme.

### KLASSIEKE WATERBLOMBREDIE

Was die blomme goed in 'n diep opwasbak vol koue water om al die sand en grond uit te kry. Sny die stingels kort af, maar as hulle dun en jonk is gooi ook by die bredie. Ondersoek elke blom om te sien dis skoon. Jy hoef nie die groente droog te maak nie. Hou eenkant.

Jy benodig twee gekapte uie, knoffel na smaak, jou kilo mooi vars lamskenkel of water lamsvleis jy verkies (ek het nog nooit kalf of vark gebruik nie, sal seker pas), die skil en sap van 1 suurlemoen, 'n skoot witwijn, en neutmuskaat vir geur.

Braai die uie in 'n lagie olie in die swaarboompot. Ons het vir die geleentheid die yslike swart ysterpot uitgehaal omdat daar so baie blomme was, bliss. Braai dan jou vleis alkant mooi bruin op die uie, en voeg 2 teelepels, niks meer, meel by, net om die gereg te laat bind sonder dik maak.

Wanneer die vleis ligbruin is, giet 'n skoot witwijn oor, roer om met die meel te meng en plaas jou waterblomme almal net so bo-op die vleis. Moenie nou al deurmekaar roer nie, los net so. Rasper die skil van die suurlemoen oor die bredie, of skil dun af en kap die skil met 'n halfmaanmes fyn.

'n Paar draaie peper, die hitte op medium, niks meer as 'n halwe koppie water by, en nou kan jou bredie stadig prut met die deksel styf toe. Maak na 'n halfuur oop en kyk of die groente al bietjie weggekook het.

Kook nog rustig verder - die blomme maak hul eie vloeistof - en proe vir sout en nog peper en suurlemoenskil. Dis regtig een van daardie geregte wat jy proe-proe kook. Nie te veel sout nie, 'n dun sousie onderin, sagte maar knarserige waterblomme, en 'n heerlike geur in die kombuis.

Na sowat 1 uur is jou bredie reg, maak net seker die vleis is sag. Tjops en nek sal vroeër as skenkel sag wees. Twintig minute voor julle eet, en dis 'n baie genadige gereg, hy kan wag, kook jy 'n pot basmati-rys. Simon sê hy ken dit ook nie en ek belowe Saterdag gaan ons Atlas Trading Store toe om speserye en rys vir hom te koop.

Net voor die swart pot tafel toe gaan, rasper Simon 'n strooisel neutmuskaat oor die hele bredie, en ek druk die sap van die hele suurlemoen daaroor uit.

Roer een maal deur, en skep die outydse Kaapse gereg op oor die rys. Niks daarby nie, ek belowe. Nie nog 'n groente, of 'n slaai of selfs pampoen soos hulle in misguided restaurante maak nie. Niks - net goddelike vleis en fyn, fyn waterblomme.

So tussendeur eet en rooiwijn drink dink Simon verder oor waterblomme. Sê nou maar jy kook hulle so, maar met gekapte preie, 'n paar gekapte zucchini en 'n aartappel of twee? peins hy. Preie, of dalk grasuise as geursel. Dan dis jy dit op as 'n groente by 'n braaiboud, of selfs gebakte hoender.

Ek vertel waterblommetjiesop is heerlik. Jy kook die groente papsag met 'n ui of twee, 'n bossie bronkors. 'n handvol suring as jy het, 'n koppie hoenderstock en baie swartpeper. Nou gooi jy alles in die menger, meng tot glad met 'n koppievol room en bedien warm in diep komme.

Skep vir my nog, sê Simon, en hy skuif die skenkelbeentjies netjies eenkant toe op sy bord, nes sy ma hom geleer het.

**harridans restaurant**  
at the market, bree street, newtown  
SAFE PARKING AVAILABLE





# melancholie en leed *van die swartoogman*

## Cowboy Junkies - Black Eyed Man (Import:BMG)

DIE timid Timminse (broers Michael en Peter saam met suster Margo) is terug - en dié keer het hulle 'n bietjie van hul kenmerkende teruggetrokkenheid afgeskud.

Cowboy Junkies is 'n stil groep, só stil dat daar al gesê is dat mens 'n speld kan hoor val by hul konserte. Margo Timmins, die hoofsanger, praat só min en só sag tydens onderhoude dat joernaliste verbaas is wanneer sy wel iets sê - én dis iets alledaags soos datsy 'n sekretaresse was voor sy begin sing het.

Cowboy Junkies het vier jaar gelede bekendheid verwerf met hul cover van Lou Reed se "Sweet Jane". *The Trinity Session*, die plaat met "Sweet Jane" op, is (heel gepas) in 'n kerk opgeneem met slegs één mikrofoon. Op dié plaat is die Cowboy Junkies se onnabootsbare klank volmaak vasgevang: stil, weemoedig, verlangend.

Tog is die groep nie onaangeraak deur kontroversie nie: "Misguided Angel", die tweede single van die plaat af, is verbied deur die hoofradiostasie in Kanada, hul "home turf". Die rede? 'n "Satanistiese" reël wat soos volg lui: "Soul like a lucifer". Ja wel.

Op *Trinity Session* kry mens die uitstekende "Walking after Midnight", wat later (baie minder suksesvol) ook deur Fairground Attraction gedoen is. Dit is sekerlik een van die enigste werklik stil songs ooit met 'n eskalerende dringendheid wat in 'n benoude klimaks eindig. Brilljant.

*The Caution Horses* het twee jaar later gevolg. Die titel is afkomstig van "Caution! Horses"-bordjies wat mens veral op die Kanadese platteland aantref. 'n Meer gepaste titel om hul musiek te beskryf sal beswaarlik gevind kan word: weliswaar versigtig maar met 'n onmiskenbare onderliggende krag.

Hoewel nie so goed soos *Trinity Session* nie (deels omdat dit 'n studio-LP is en

deels as gevolg van die teleurstellende weergawe van Neil Young se "Powderfinger"), bevat dit 'n paarmagiese snitte. Een hiervan is "You will be loved again", geskryf deur Mary Margaret O'Hara: 'n ontroerende liedjie oor die bedrieglike aard van gewaande liefde.

*Caution Horses* bevat ook "Witches", een van die Cowboy Junkies se mees wistful songs en geskryf deur Margo Timmins.

'n Deurlopende tema in Michael Timmins se lirieke is "(being) five hundred miles down the road" van jou lover af. Mens vind dit op *Trinity Session* in onder meer "Postcard Blues" en op *Caution Horses* in "Mariner's Song" en "Escape is so Simple". Dit sorg vir 'n gevoel van verlatenheid en eensaamheid soos net die Cowboy Junkies dit kan oordra.

**MENS TREF DIÉ TEMA OOK** aan op *Black Eyed Man*, die Cowboy Junkies se jongste LP. Op "Oregon Hill" kry ons weerte doen met 'n vrou wat getrou vir haar lover wag. "A graveyard to the west of it all/ which I may soon be lying in" sing Timmins heel morbied. Sou Morrissey dit sing, sou 'n mens 'n mes wou nadertrek. Timmins sing dit egter met 'n gelate aanvaarding van die natuurlike siklus van lewe en dood. Op dié snit tref mens ook vir die eerste keer agtergrondstemme aan wat haar stem goed aanvul.

'n Voller klank word op "Southern Rain" geskep met behulp van 'n ritme-kitaar - sonder dat dit enigsins lawaaiig raak saam met die lead guitar. Timmins se stem is wonderlik sensueel - saam met die trekklavier word 'n gevoel van verlorenheid teweeggebring.

"This Street, That Man, This Life" is 'n verlangende, Intieme liedjie met oorspronklike lirieke soos "That man wears his skin/ like a dancer wears her veils".

"A Horse in the Country" is musikaal gesproke 'n ligter snit op die plaat.

Ontevredenheid met die eenselwigheid van net bestáán is die vernaamste tema. Sommige mense gaan weg, op soek na sin, andere bly agter terwyl "the years... simply disappear".

Margo Timmins vorm 'n duet met ene John Prine op "If You Were the Woman and I Was the Man". Daar is al voorheen verwys na die goeie begrip wat Michael Timmins toon vir die "vroulike oogpunt", veral na aanleiding van "Cause Cheap is How I Feel" op *Caution Horses*. In dié liedjie bewys hy dit weer. 'n Klarinet rond die snit treffend af.

"Murder, Tonight, in the Trailer Park" en "Cowboy Junkies Lament" is twee meer up-beat, amper rocky snitte wat 'n definitiewe beweging weg van hul simplistiese, minimalistiese klank op *Trinity Session* aandui. Die rock legacy "yeah yeah" word selfs aan die einde van "Murder" gehoor.

"Black Eyed Man" is 'n elenaardige song oor 'n swartoogman wat 'n waterput vergiftig het. Timmins sluit dit af met 'n versugting na 'n glasie gifwater...

**DIE ONVERMYDELIKE** verganklikheid van alles is die hooftema van "The Last Spike": die verval van die fisieke werklikheid om ons word in verband gebring met persoonlike verlies. Die amper onmoontlike taak om dit te verwerk word bekla, maar die besef is daar: "these foolish dreams must stop".

Een van die beste snitte op die plaat is "Townes' Blues". Jazz/blues-ondertone is duidelik te hoor - die lead guitar is uitstaande.

Die enigste jammerte van *Black Eyed Man* is die feit dat Margo Timmins self nie een van die liedjies geskryf het nie. Sy was verantwoordelik vir van die beste songs op *Trinity* en *Caution Horses*, soos "I Don't Get It", "Misguided Angel" en "Witches".

Maar *Black Eyed Man* is 'n amper asemnemenende ervaring van melancholie en leed, maar sonder die self-

indulgence waaraan Morrissey hom ongelukkig so skuldig maak.

**VIR** diegene wat gelukkig genoeg is om dié jaar af te sit Grahamstad toe, *The Moscow Circus* is een van die musikale aantrekkingskragte daar. Dit sluit in Vusi Mahlasela, Lesego Rampolokeng en Live Jimi Presley. Vusi (vir die wat nie weet nie) was by Rustler's Valley en het nou 'n plaat uitgegee deur Shifty Records. Hy maak wat mens seker kan beskryf as township folk. Ek het geen info ontvang oor Lesego nie, maar die persverklaring beskryf sy musiek as "dub violence", wat dit ookal mag wees. Live Jimi Presley is daardie gefrustreerde (maar heel skaflike) punkpersone wat industriële rock maak en live een van die beste bands in Suid-Afrika is. "Stop the violins!" sê die persverklaring verder. Só goed is hulle egter nie, is ek bevrees.

**DIE** Radiators het om een of ander obscure rede hul naam na die Harde Koejafels verander en is vanaand (3 Julie) en volgende Vrydagaand (10 Julie) by Lady Annabel's in Pretoria te sien. Hulle speel van 9.30 tot 12 en die kaartjies kos R5. Die band beskryf hulself as 'n "opwindende orkes", so miskien is dit die moelste werd.


## kompetisie

**5 gelukkige lesers kan elk 'n Tracy Chapman-kasset en T-hemp ontvang as hulle die volgende eenvoudige vragie kan beantwoord: Wat is Tracy Chapman se regte naam? Stuur julle antwoorde aan**

Christi Speel Pop, VWB, Posbus 177, Newtown 2113.

**Die wenners word op 17 Julie aangekondig.**





# the ultimate achievement of *thought control*

## DETERRING DEMOCRACY

By Noam Chomsky  
Vintage, 1992 (R51,69)

### MARK BEARE

IN reading across the spectrum of international current affairs one name recurs with regularity as a benchmark of critical thought. Noam Chomsky, with a prestigious career as a leading authority in linguistics as his anchor, has ventured more and more into the realm of political discourse. He brings to it a rigour and discipline born of a lifetime in academia and an attitude which is relentless in its focus on the motivations of policy-makers.

Although there are fine writers who take a critical view of the process, Chomsky is unparalleled in his consistent application of his philosophy, being that: "policy is driven by the twin goals of reinforcing the private interests that largely control the state, and maintaining an international environment in which they can prosper."

*Deterring Democracy*, Chomsky's latest work, addresses two central issues in the formation of the New World Order - the end of the Cold War and the search for alternative demons to justify US policy abroad and the complicity of the mainstream media in this process. He begins by positing two opposing views of the Cold War. The orthodox ideology, framed in the National Security Council memorandum NSC 68 crafted by Paul Nitze in 1950, is as simple as a fairy tale - "There are two forces in the world... In one corner we have absolute evil; in the other sublimity." The nature of these properties, the good of the American free society and the evil of the Soviet slave state, are held to be innate and the memorandum's lack of substantive evidence reflects the fact that no documentation is needed to validate this perception. It is a view which has been echoed, without philosophical amendment, for 40 years. Implicit in this assumption of good and evil is the notion that evil will seek world domination and that good "must be universal". Mike Dukakis, when running for the presidency in 1988, had the temerity to suggest that anyone who wanted to understand the ideological underpinning of the Vietnam War had only

to watch *Star Trek* re-runs on TV. The irredeemable Klingons, evil to the core, the galaxies that wished for democracy and freedom even if they only dimly perceived what it might be and our noble crew of the USS Enterprise - these characterisations could be interspersed with clips of military advisors in 'Nam and the only way you could tell the difference would be by the fact that the two parties wore different ritual attire.

CHOMSKY, HAVING DEFINED the ideological construct, then looks at the Cold War as an historical process. He presents a radically different scenario. He argues that the philosophy of NSC 68 reflected a realisation that capitalism, unfettered by state intervention, had been largely discredited by the Depression of the 1930s, which had only been lifted by the military build up for the Second World War. Thus the post war entrenchment of the "military-industrial complex", a structure which functioned "as a welfare state for the rich with a national security ideology for population control following the prescriptions of NSC 68." The primary impetus behind the Cold War was to protect and foster the interests of capital both domestically and in the exploiting of resources internationally. So the collapse of the USSR raised serious questions for policy-makers, who flailed around in the 1980s trying to demonise Arab terrorists and Hispanic narcotraffickers to bolster the flagging philosophical basis for the continued flow of funds to the military-industrial complex. The Medellin cartel in Colombia became a key target of the much vaunted war on drugs. The most significant intervention was the supply of military aid to Colombia. There are inconsistencies in this approach - the main support for the cartel lies in paramilitary groups which they have set up with the collusion of wealthy landowners and military officers. Thus to fund the military indirectly finances the consolidation of the cartel's grip on power. Chomsky argues that this is in line with unstated policy - to maintain the fear of the enemy for domestic population control and to support existing elites in Colombia. The latter is a natural concomitant of the protection of domestic

interests, creating a vehicle for the maintenance of access to resources.

The case of Noriega in Panama is another which fits this profile, and Chomsky goes on to explain how and why it goes wrong:

"Noriega's career fits the standard pattern. Typically, the thugs and gangsters whom the US backs reach a point in their careers when they become too independent and too grasping, outliving their usefulness. Instead of just robbing the poor and safeguarding the business climate, they begin to interfere with Washington's natural allies, the local business elite and oligarchy, or even US interests directly. At that point, Washington begins to vacillate; we hear of human rights violations that were cheerfully ignored in the past... By 1986-7, the only question was when and how Noriega should be removed..."

OPERATION JUST CAUSE restored the white European elite, toppled by the Torrijos's coup of 1968, and Bush's \$1 billion aid package included \$400 million to finance the purchase by Panama of US products, \$150 million to pay off bank loans and \$65 million in guarantees for US investors. It was business as usual, with kickbacks in place for the US investors and the US taxpayer picking up the tab.

How does the US government justify the process of "restoring order" to the errant regimes?

Chomsky quotes a US Embassy official in Guatemala on the mechanism for this. First the US cuts off military aid and threatens attack, whereupon the besieged country turns to the Soviet bloc for arms to repel them:

"We thus compel Guatemala to defend itself from our threatened attack, thereby creating a threat to our security which we exploit by destroying the Guatemalan economy so as to provoke a military coup or an actual Communist takeover which will justify our violent response - in self-defense. Here we see the real meaning of the phrase 'security threat'..."

The thorny problem of what Chomsky calls "population control" becomes more and more difficult to resolve - the domestic US population will not accept the service of corporate interests in the sub-ordination of the

Third World without a significant engineering of consent. The bias of the mainstream media is the central plank in this design but other methods used to refine the process. One such was the presidency of Ronald Reagan. Chomsky states that, in effect, the US functioned without a chief executive for eight years and that it is scarcely fair to blame the policies of the Administration on its symbolic head. Many commentators have noted this and the Iran-Contra hearings made concrete the lack of interest in holding Reagan accountable.

Chomsky takes it one step further: "State capitalist democracy has a certain tension with regard to the locus of power: in principle, the people rule, but effective power resides largely in private hands ... One way to reduce the tension is to remove the public from the scene ... The Reagan phenomenon offered a new way to achieve this fundamental goal of capitalist democracy. The office of the chief executive was, in effect, eliminated in favour of a symbolic figure constructed by the public relations industry to perform certain ritual tasks ... This is a major advance in the marginalization of the public."

ANOTHER MEANS OF CONTROL was in the Administration's "yearning for democracy" where the legitimacy of governments no longer rested on effectiveness but in their conformity to the democratic process. Should they not comply US intervention was sanctioned. In order to understand what is meant by this - and why South Korea, South Africa and El Salvador were not candidates - one has to understand the meaning of the term "democracy". It means the "unchallenged rule by elite elements" who respect the needs of US investors and who have the appropriate forms for being ratified by sectors of the population. The concept of democracy was one which found much favour in the press corps which hastened to the defence of the process.

In order to illustrate this most fully Chomsky turns to Nicaragua, a country to which he has devoted much attention in recent years. The toppling of the vicious Somoza regime by the Sandinista forces in 1979 led to the installing of a government which was



clearly inimical to US interests. The Nicaraguan story in the 1980s gave much hope for the process of democratisation - despite immense US pressure, the economy grew far more quickly than Nicaragua's Central American counterparts and there was a significant redistribution of income and growth in social services. It was an achievement lauded by, among others, the American Development Bank and the World Bank, the latter regarding it as "better than anywhere in the world" in some respects. In order to stem this the US engaged in a series of covert actions, centred on the funding of the Contra army, a motley force comprising largely members of Somoza's National Guard. The agitprop noted above was deployed in force against the evil Sandinista regime and, when all else failed, the ill fated Iran-Contra operation came into its own.

**THE 1990 ELECTIONS IN Nicaragua** provide a focal point for Chomsky's analysis. The subversion of the democratic process at the time of the election was massive in scale and clear in intent. Having spent a decade undermining the Nicaraguan economy it was clear to Nicaraguans, the *New York Times* noted, that the US funded opposition UNO party had access to the necessary US funds to relieve the economic crisis. UNO duly won the election and the Latin American press was almost universal in its condemnation of an election which was "legal but not just." The US press, by contrast, was warm in its praise. Hugh Sidey of *Time* magazine wrote a piece urging "a little fairness" to Reagan who had, at a cost of only \$300 million and few American lives lost, achieved what they had sought - an affirmation of the quest for freedom.

On the so-called left the New Republic celebrated a victory for Nicaraguans stating that those who supported the Contras "can feel vindicated in the outcome". The *New York Times* headlined Americans "united in joy" over the result. The monitors of the media in the US could not find a single statement arguing that a Sandinista victory might be the best for the country. Even journalists who felt so inclined did not speak out. It was, Chomsky avers, the "ultimate achievement of thought control". Arguments against the prevailing orthodoxy lack cognitive meaning and cannot be uttered without ridicule and a stream of abuse.

Noam Chomsky is a polemicist, and unashamedly so. He sets up a central conceit - that all policy is dictated by the imperative of entrenching privilege and securing access to resources. The astonishing rigour with which he addresses this conceit, and marshals information to support it, make a reading of his work an experience which is unlike most, if not all, others. One can argue that the real world is not as conspiratorial and venal as he depicts it but there is a core argument which remains highly persuasive. It is a difficult read, dense and extensively researched, but if you make it through it can damn near change your life. (Distributed in South Africa by *Random Century* Tel: 786-2983)

# die digter as *bouer*

## RICHARD BARTLETT gesels met die Kubaanse digter Nancy Morejón, wat deur Cosaw na Suid-Afrika genooi is

Nancy Morejón... "Die siekte van vervreemding het die wêreld besmet."  
(Foto: Richard Bartlett)



NANCY MOREJÓN beskryf haarself as 'n kind van die sestigerjare - die jare van rock 'n roll, maar in die Kuba van haar jeug ook die tyd van Ché Guevara (wat sy dikwels aanhaal), en Fidel Castro. Sy was vyftien toe die revolusie onder Castro se leiding die oorwinning behaal het.

Sy praat met hartstog - 'n hartstog wat haar aangevuur het deur die jare waarin sy geduldig en waardig geveg het om die regte van haar mense en haar kuns. Sy beskou haarself nie net as 'n Kubaan nie, maar ook as 'n Amerikaner - want die Amerikas behels veel meer as net die VSA, sê sy.

Die kunsinstituut Casa de las Americas ("Huis van die Amerikas") in Havana, waar sy direkteur van die Sentrum vir Karibiese Studie is, is in 1959 gestig. Die Instituut loof Jaarlikse 'n literêre prys uit vir skryfwerk uit enige deel van die Amerikas. Dit sluit werk in Frans, Engels, Portugees, Spaans en Kreools in. Die Casa huisves ook een van die omvattendste versamelings Latyns-Amerikaanse kuns.

"Toe ek 'n tiener was, was skryfwerk 'n instrument van revolusie. Nou is dit 'n instrument van rekonstruksie," sê Morejón.

"'n Skrywer se vernaamste taak is om goed te skryf - want as 'n skrywer nie idees goed kan oordra nie, dan gaan die ware betekenis van letterkunde verlore.

"As letterkunde 'n instrument is, dan is dit die skrywer se plig om daardie instrument te vorm sodat dit goeie diens verrig."

Sedert Morejón se eerste digbundel in 1962, toe sy 18 was, het sy verskeie bundels gepubliseer. Haar werk is al wyd vertaal en bestudeer.

"Min mense besef watter inspanning dit is om selfs net vier reëls te skryf," sê sy en verwys na Flaubert, wat een bladsy 37 keer oorgeskryf het. (Sy het 'n graad in die Franse letterkunde behaal aan die Universiteit van Havana.)

"Die samelewing ontvang die vrugte van die kunstenaar se moeite - maar sien nie die hart, bloed en bene van die kunstwerk nie."

Morejón sê sy tref 'n onderskeid tussen die samelewing en die staat. "Die staat is soos 'n boodskapper - soms 'n slegte boodskapper en soms nie te sleg nie, maar nooit 'n goeie boodskapper nie."

Kuns is 'n reg en 'n plig, maar die staat manipuleer dit vir eie doeleindes, sê sy. Hoewel kuns outonoom is, behels die skeppingsproses 'n diepgaande begrip van die samelewing. Maar al is kuns belangrik vir die samelewing, is die geskiedenis van kuns 'n sindroom van die verdeeldheid tussen kuns en die samelewing.

Kuns is nie 'n abstraksie nie en behoort geborg te word deur die samelewing - maar kunstenaars darf nooit die slawe te word van diegene wat die geld voorsien nie.

"DIS JAMMER DAT skrywers in sosialistiese lande 'n salaris gekry het," sê sy, "want as ek vir 'n salaris skryf, sal ek sonnette of gedigte vir my werkgewer skryf. My skryfwerk sal nie helder en lewend wees nie. Ché Guevara was reg van die begin teen salarisse gekant."

Skrywers, het hy gesê, moet nie behandel word

soos akademië met beurse nie. Morejón weier om as skrywer deur 'n beurs onderhou te word. Sy maak 'n bestaan uit vertaalwerk en navorsing.

"As 'n mens 'n projek aanpak verwag jy nie geld nie, maar ons is nie skaam om solidariteit te vra nie, want Kuba is 'n arm land," sê sy.

Sy haal Gabriel García Marquez aan, wat sy toespraak by die opening van die rolprentskool op 'n plaas buite Havana afgesluit het met die woorde: "Ons aanvaar donasies."

Morejón ondersteun haar land, al is dit arm, al het dit foute begaan en al het dit nie die beste geskiedenis van demokrasie nie. Kuba is meer as Fidel se dwaasheid, sê sy - dis nóg 'n droom nóg 'n nagmerrie.

"Kuba het die reg om te oorleef en geen regering het die reg om te sê ons moet verdwyn nie. Kuba moes herbou word terwyl dit heeltemal omring was deur vrees en dreigemente. Die verhaal van Kuba is die verhaal van Dawid en Goliat.

"Kuba is net 90 myl van die VSA en dit hou 'n gedurige bedreiging in. Sedert 1989 oorleef ons die

## mother

My mother had no patio garden

but rocky islands

floating in delicate corals

under the sun.

Her eyes mirrored no clear-edged branch  
but countless garrottes.

What days, those days when she ran  
barefoot

over the whitewash of orphanages,  
and didn't laugh

or even see the horizon.

She had no ivory-inlaid bedroom,  
no drawing-room with wicker chairs,  
and none of that hushed tropical stained-  
glass.

My mother had the handkerchief and the  
song

to cradle my body's deepest faith,  
and hold her head high,

banished queen -

She gave us her hands, like precious  
stones,

before the cold remains of the enemy

- Nancy Morejón

tweede handelsverbod, wat gevolg het op die mislukking van die kommunisme in Oos-Europa.

"Die foute wat Kuba begaan het, is oorspronklike foute en moet deur Kubane self reggestel word," sê Morejón. "Ons het die potensiaal om self te verander - en nie na te boots wat ander wil hê ons moet doen nie. Kuba het al slegte dinge nageboots, maar dis nie die belangrikste nie. Dis ons bestaan wat saak maak.

"Wanneer jy midde-in 'n oorlog is, is die probleem nie watter kant toe jy moet gaan nie, maar hoe om te oorlewe."

**IN HAAR TOESPRAAK** oor "Voorbereiding vir die demokrasie" op Cosaw se jaarvergadering in Bloemfontein op 20 Junie het Morejón gesê die geskiedenis van die demokrasie is heg verbind met die VSA.

"Ek verwerp die idee van demokrasie as dit deur die heersersklas gebruik word om geïnteressenes en die lewe te manipuleer en ek het 'n weersin in die idee dat demokrasie slegs deur die mense van die VSA beheer word. Demokrasie kan nie slegs aan 'n regering behoort nie."

Dis nie net Kuba wat moet verander nie, maar die VSA ook, sê sy. "Dink 'n bietjie daaraan: die VSA kon juig oor perestroika (in die voormalige Sowjet-Unie) - en toe net 'n paar maande later val hulle Panama in."

Vra 'n mens haar waarom sy so heftig teen die VSA uitvaar terwyl sy Engels met 'n Amerikaanse aksent praat, sê sy sy haat nie die VSA se kultuur nie. "Hoekan enigiemand jazz haat - dis sou simpel wees. Dis net presidente en leërs waarvan ek nie hou nie."

En wat is die rol van poësie in die stryd om te oorlewe?

"In die hart van dié proses het kuns en letterkunde 'n pragtige rol. Al veg ons 'n stryd, het ons 'n reg en 'n plig tot poësie, selfs as vermaak. Dink net: al word ons land op georkestrerde wyse deur die VSA bedreig, maak ons kuns. Dis ongelooflik. Kuns bring skoonheid.

"Ek glo die ideale utopie is moontlik. Die siekte van vervreemding het die wêreld besmet. Waarom nie droom nie? Kuns kan die beste utopie skep."

Vanjaar word Christopher Columbus se aankoms in die Amerikas 500 jaar gelede in herinnering geroep - maar Morejón sê dit moenie gevier word nie, dit moet eerder herdenk word. "Hoe kan jy geweld en die grootste menseslagting in die mens se geskiedenis vier?"

Maar 'n mens moet Columbus ook nie beledig nie, sê sy. Hy verdien respek, want die wêreld het verander nadat hy Amerika toe geseil het.

# SHELDONS DIE B°EKWINKEL MET DIE K°OFFIEWINKEL

Eastgate, Ingang 5



David Minnaar en Anna Mart van der Merwe: die span van Konings saam op die verhoog



# snot en trane en grappe

Reza de Wet se *Mirakel* word op die hoofeess aangebied en verskuif daarna na die Momentum-Teater in die Staatsteater, Pretoria. ANDREA VINASSA gee 'n voorskou.

"IN die eerste trilogie het sy die duiwels uitgedrywe. In dié trilogie roep sy die engele in," sê Dawid Minnaar, wat Abel speel. Abel is 'n akteur in 'n armoedige teatergroep wat tydens die Depressie van die dertigerjare die platteland met 'n produksie van *Elkeman* deurreis. Teater bevind hom nou in dieselfde dilemma as destyds en *Mirakel* handel oor 'n akteur wat kunstenaar word.

Die eerste trilogie bestaan uit *Diepe Grond*, *Op Dees Aarde* en *Nag Generaal*, en *Mirakel* begin nog een. Dis 'n tragi-komédie wat die Middeleeuse mirakelspel in herinnering roep. "Die wonderwerk wat gebeur, is baie klein en fragiel, maar baie betekenisryk.

"*Mirakel* is magies en verskriklik toeganklik. Heavy ook," sê Minnaar. "Daar is beslis 'n ontwikkeling in Reza se skryfwerk. Dit is meer magical. Dit is ongelooflik wat Reza met die taal doen. Deur eenvoudig te werk gaan skep sy ongelooflik baie dimensies. Sy ryg die eenvoud so aanmekeer soos pèrels. Die karakters ervaar emosies baie suiwer - suiwer woede, suiwer smart."

Die verhaal lyk só: Die flambojante en idealistiese leier van die geselskap, Dantè du Prez (Patrick Mynhardt) sal enigiets doen om die geselskap te red. Hulle beland in Abel se geboortedorp. Dis winter en wit geryp. Abel

